

BOERhier

'n Boer is gekies deur God

GRATIS

Uitgawe 97

25 Augustus 2024

www.boerhier.co.za



Die ontwaking van 'n nuwe era in die afslaersbedryf

INHOUD

- 4 Die ontwaking van 'n nuwe era in die afslaaersbedryf
- 8 Belegging in prestasietoetsing verseker volhoubare kudde verbetering
- 12 Kunsmatige intelligensie kan lei tot omwenteling in landbou
- 14 Damvlakke
- 17 40 ton voer vir boere ná veldbrande
- 23 Bewerkingsdiepte op sandgrond: Hoe diep is diep genoeg? – Vrystaat Suid Afrika
- 30 Grondbone is 'n goeie keuse- Suid Afrika
- 36 KI in Landbou: Rekenaarvisie, Robotte en Skale vir Varke
- 42 Dragtigheid: Opgestel deur NWKV Produsentediens
- 47 Dexter-beesras al hoe gewilder weens dubbeldoeligheid
- 55 Nuwe rekordprys van miljoene rande vir boran-bul betaal
- 59 Het jy geweet?
- 60 Veiling Resultate
- 62 Resep: Volstruis nek potjie (Volstruis Oxtail).
- 63 Wat sê die Markte
- 64 Vorige Uitgawes

Artikels saamgestel deur BOERhier en Zanmari Crous, AffiePlaas Fotografie en Christine Vosloo Fotografie, in samewerking met die adverteerders.

Ontwerpe en samestelling gedoen deur BOERhier.

Bemaking en kliëntediens word behartig deur BOERhier span.

Kopiereg van BOERhier word streng voorbehou.

Vir verdere navraag, kontak: [073 895 6392](tel:0738956392) of e-pos info@boerhier.co.za

Besoek ons webtuiste www.boerhier.co.za en www.farmhere.co.za

Ingligting vir advertensies en artikels vir BOERhier word verskaf deur adverteerders.

BOERhier word gevrywaar van enige verliese of beserings wat kan plaasvind. Lesers word aanbeveel om navorsing te doen voordat 'n transaksie behartig word en 'n produk gebruik word.



Kliek op die pyltjie vir die inhoud bladsy



Kliek op die ikoon om die video te kyk

Foto: [AffiePlaas Fotografie](#)

Vertrou en doen goed teen die bult uit

'n Penvriend uit die Oos-Kaap speel altyd so mooi met woorde. Tussen die woorde sien 'n mens die opdraande pad:

My stilte is gebore uit 'n komper wat die gees gegee het. As bonus weier my drukker ook om verder te print die naweek. My preek was net 4 bladsye ver toe half my printertjie sonder enige laaste dag waarskuwings.

Na vrae kry ek die skokkende nuus: "Oom, ons kan die ding nie herstel nie. Die printers word nie eers meer gemaak nie. Dis ou model."

Ek voel effens verontwaardig. 'n Ou model? Wat noem mens dan 'n oom van bykans 80, wou ek weet. Ons twee kom reeds baie bladsye saam.

Pensionarisse ken van bid. Veral as jou begroting elke maand naby R4 000 kort kom. Wat sny mens uit en hoekom raak my wants en my needs soms deurmekaar. Skielik proe bietjie pap saans met melkies nie te vrotterig vir hol maag nie.

Beursie is so dun hy het net een kant tans. Daaruit kan min kom. Ek hunker reeds na 'n donkiekarretjie, want petrol is duur soos goud. Van baie staan in garage gee tjorrie se battery ook in. My krag ontbreek om te kan stoot soos vroëer.

Miskien kan ons weer gesels oor jongste skete en kraakvars vreemde pyne in my ou model.

En so kan ons elkeen ons eie storie skryf van swaarkry. Êrens kom ons almal by 'n bult te staan waar ons kragte te min is om daaruit te worstel. Baie keer is die bult so hoog dat ons nie eens kans sien om die eerste tree te gee nie.

Dat daar bulte in ons lewe gaan wees, is 'n feit soos 'n koei en eintlik is ons glad nie toegerus om hierdie bult op ons eie uit te beur nie. Daarom is dit so belangrik dat ons God hand sal neem, sodat Hy ons deur die swaar kan help.

¹⁹As 'n mens al dié dinge in gedagte hou, moet die mense wat swaarkry omdat dit deel

van God se plan met hulle is, Hom heeltemal vertrou met wat in hulle lewe gebeur. God het hulle immers gemaak en sal hulle nie in die steek laat nie. Hulle moet net op die regte pad bly deur goed te doen.

God het ons gemaak en weet waartoe ons in staat is. God sal nie toelaat dat daar dinge met ons gebeur wat ons nie kan hanteer nie. Hiervoor moet ons Hom ten volle vertrou. Ons moet weet en glo en daaraan vashou dat God ons nooit in die steek sal laat nie. Met hierdie vertrou in die sak kan ons die bult aandurf.

En terwyl ons so aan die stoei is en wonder watter pyn nog sy verskyning gaan maak terwyl ons die bult aan die uitbeur is, moet ons op die pad bly deur goed te doen. Ons moenie toelaat dat die swaar ons kortpaaie laat vat nie. Gou wil ons dalk van die wêreldse maniere gebruik om te help, maar dit is nie altyd die regte manier van doen nie.

Wanneer ons dan weer voor 'n bult met kraakvars vreemde pyne staan, laat ons op God vertrou en vir onself sê: Hy weet waartoe ons in staat is. Laat ons dan seker maak dat ons aanhou om die regte dinge te doen, want so leer ons die mense wat saam met ons die bulte van die lewe uitstropel ook wat die regte manier is om daaruit te kom.

Teks

1 Petrus 4:12-19

Om oor na te dink

- Waarteen beur jy?
- Vertrou jy God?
- Doen jy die regte dinge?

Gebed

Vader, ek kry soms so swaar en dan sukkel ek om reg te doen. My vertrou in U is ook dun. Help my! Amen.

Bron: <https://kruispad.247.org.za/vertrou-en-doen-goed-teen-die-bult-uit/>



Die ontwaking van 'n nuwe era in die afslaersbedryf

Is jy moeg daarvoor om op 'n bulle staat te maak wat nie meer aan jou verwagtinge voldoen nie?

Dit is tyd vir vernuwing!

By Central Saleyard bied ons jou die geleentheid om 'n nuwe generasie bulle wat vinniger, meer konsekwent en boonop propvol energie is, te ervaar. Ons bulle is die perfekte toevoeging tot jou veiling.

Danie Strauss, 'n vertroude naam in die bedryf, is 'n kenner by Central Saleyard. Met jare se ondervinding is Danie 'n uitmuntende, onafhanklike afslaer.

Ons is trots daarop om by Central Saleyard net die

beste te bied en ons nuwe generasie bulle is geen uitsondering nie. Hulle is gereed om te werk, te hardloop en om 'n verskil te maak by jou volgende veiling.

Waarom dan wag? Skakel oor na een van ons nuwe generasie bulle en ervaar eerstehands die verskil.

Vir meer inligting of om 'n afspraak te maak, kontak gerus vir Danie Strauss by 072 585 4028.
<https://www.centralsaleyard.com/>

Ervaar die toekoms van onafhanklike afslaers met Central Saleyard!



Dear Valued Buyers,


I would like to extend my sincere gratitude to all our buyers for their invaluable support during our recent production sale in Frankfort. Your presence and participation made the event a great success, and we are truly grateful for your continued support.

I would also like to express my appreciation to BKB for their exceptional work both before and during the auction. Their professionalism and dedication contributed significantly to the smooth running of the event, and we are thankful for their partnership.

Furthermore, I would like to offer my heartfelt congratulations to Danie Strauss of the Central Sale Yard for his exceptional manner and skill in handling the auction as an auctioneer. His expertise and professionalism were truly commendable, and we are grateful for his contribution to the success of the sale.

Once again, thank you all for your support, dedication, and commitment to our business. We truly value our partnership with each and every one of you and look forward to continuing our successful collaboration in the future.

Warm regards,
Andrew Jordaan en Seuns



**31 Augustus: Atka Dorper
Produksieveiling, Pretoria**

**5 September: Tony Cahi Dorpers
Produksieveiling, Prieska**

**10 September: Kleine Monde
Simbras Produksieveiling,
Kleine Monde**

**11 September: Griekwastad
Veldram Veiling, Griekwastad**

**14 September: Out of Africa,
Wedvlug Duif Veiling, Parys**

**21 September: Innibos Boerbok
& Kalahari Red Veiling, Pretoria.**

**3 Oktober: Oos-Kaap Boerbok
Klub Veiling,
Somerset-Oos Skougronde**



**Afslaer:
Danie Strauss: 072 585 4028**

BOERhier

'n Boer is gekies deur God



Book your Company Video Interview
@Nampo Bredasdorp today

Date:
11 September

Nampo Exhibitor Video


R5500

Click [HERE](#) to see quality of video

Get ready for NampoKaap/Cape,
Bredasdorp – premier agricultural
exhibition and trade show.

Includes:

- Interview video
- Tiktok / Instagram Reel
- Recorded with 4k camera @Nampo
- Advertising of video on 12 BOERhier social media platforms after Nampo
- 80,000+ BOERhier Social Media Followers
- Video link placement in Expo summary advert in 1 BH Magazine
- Client tagged in all video placements on social media to drive traffic to your social media



Contact our BOERhier
Media sales consultants
today to book your slot.

☎ (0) 82 374 8290

✉ Anja@boerhier.co.za

Belegging in prestasietoetsing verseker volhoubare kudde verbetering



'n Dier se prestasie word deur sy genetiese samestelling sowel as deur die omgewing waarin hy groei en produseer, bepaal. Beide faktore moet geskik wees om goeie prestasie te verseker.

Die omgewing en bestuur waaraan diere blootgestel is, verander dwarsdeur hul produktiewe lewens. Hul genetiese potensiaal, wat deur die ouers bepaal word, bly egter dieselfde. Die genetiese bydrae van 'n dier tot sy prestasie is uiters belangrik en die enigste invloed wat 'n dier op sy nageslag kan hê, is deur die oordrag van gene.

Deur 'n dier te selekteer bloot op grond van hoe hy lyk, lewer onvoorspelbare resultate. Die enigste manier om diere objektief te evalueer, is om van prestasie meting gebruik te maak.

Wanneer ramme op veilings oorweeg word om vining-groeiende nageslag in 'n kudde te teel, kan die grootste ram moontlik die beste gene vir groeivermoë dra. Die ram kan egter ook bloot die bes-gevoerde of oudste ram op die veiling wees.

Wanneer ramme vir die verbetering van maternale eienskappe oorweeg word, bv hul vermoë om meerlinge te teel, of vir die teling van dogters met goeie maternale eienskappe, gaan visuele beoordeling van die ram nie die nodige inligting gee nie. Daarom is prestasie-toets skemas en Veldram Projekte ontwikkel om die identifisering van meerderwaardige genetica te vergemaklik.

Genetiese waardes word uit inligting vanuit hierdie skemas beraam. Dit is 'n onsydige evaluering

van die genetiese potensiaal van 'n dier, met inagneming van nie-genetiese invloede op prestasie, soos ouderdom, grootmaakstatus en bestuur- of omgewingsfaktore.

Genetiese waardes dui aan waar op die ras se ranglys 'n dier geneties vir spesifieke ekonomiese belangrike eienskappe geplaas word. Hierdie inligting help kopers om ramme te selekteer op grond van hul teelpotensiaal; met ander woorde, die potensiele effek wat hulle op die volgende generasie gaan hê. "Mooi" ramme is gewoonlik goeie groeiers, maar sal nie noodwendig vrugbare dogters teel nie.



Die LMI (Logix Meriete Indeks) balanseer genetiese verbetering oor 'n reeks produksie- en reproduksie-eienskappe, gewoog volgens hul relatiewe belangrikheid in die ras se teeldoelwit. Verder help LMI-gebaseerde seleksie om antagonistiese verwantskappe tussen eienskappe te voorkom, deurdat diere wat goed in beide eienskappe presteer geïdentifiseer kan word, ongeag die ongewenste verwantskappe wat mag bestaan.

'n Ram met goeie genetiese meriete is belangrik, maar 'n ram moet darem ook hard kan werk tydens die teelseisoen en vir minstens 'n paar seisoene gebruik kan word. 'n Ram wat funksionele probleme het, sal waarskynlik net 'n kort rukkie hou en minder ooie per seisoen dek. Die hoeveelheid lammers wat 'n ram in sy leeftyd produseer, bepaal die wins wat hy vir sy eienaar in die sak bring.

Oorvet ramme hou gewoonlik nie langer as twee seisoene nie, wat beteken hul koste per lam gebore is baie hoër as 'n fikse ram wat meer ooie per seisoen dek en langer in die kudde bly. Wees dus versigtig vir oorvet ramme en gebruik die LMI om te bepaal hoe die ram geneties teen die res van die ras opweeg en jou kudde kan verbeter.

Om te verseker dat diere voortdurend verbeter en aan sy spesifieke ras kenmerke en doelstellings te kan voldoen, is dit noodsaaklik om prestasie-meting te gebruik in enige seleksieproses en aankoop van ramme. Die belangrikste eienskappe nl. Groei, vrugbaarheid en doeltreffendheid, kan jy alleenlik bepaal deur prestasietoetsing, daarom is meting van die onsigbare eienskappe en gebruik van Blub uiters belangrik. Dit gee 'n beraamde teelwaarde wat voorspel hoe die dier se nageslag gaan produseer en reproduseer. Teelwaardes is die akuraatste inligting waarmee diere geselekteer kan word.

Die voorspelling van teelwaardes berus op drie bene nl. Metings, stamboom-inligting en genetiese parameters nl. Oorerfbaarheid en genetiese korrelasies tussen eienskappe.

NOORDKAAP VELDRAM PROJEK en Prestasietoetsing is die pad na die toekoms. Die produk is 'n aangepaste, veldgetoetste en funksionele dier wat onder verskillende klimaats- en omgewings toestande kan produseer en reproduseer.



Wêreldwyd word prestasie data vandag gebruik om winsgewindheid te verhoog. OM TE MEET IS OM TE WEET.

39STE NOORDKAAP VELDRAM VEILING
TE GRIEKWASTAD SKOUGRONDE IS
11 SEPTEMBER 2024 OM 11:00 UUR

HG HUMAN
078 639 2216
hoekplaas@gmail.com

NOORD-KAAP Veldram Projek

WOENSDAG, 11 SEPTEMBER 2024

GRIEKWASTAD SKOUGRONDE | 11H00

GRIEKWASTAD VEILING

GPS: -28.855389,23.249433

- AANBOD:**
- 70 Dorpers
 - 35 Wit Dorpers
 - 20 Van Rooy's
 - 20 Boerbok
 - 10 Savanna Ramme



KWALITEIT DEUR ERVARING



www.veldramme.co.za

STIAAN VON WIELLIGH (BKB)

JACO VAN RENSBURG

AFSLAER:

DANIE STRAUSS (CENTRAL SALEYARD)

082 844 6604

082 773 5877

072 585 4028



SWIFT
VEE

Bid Online
www.swiftvee.com

BKB

LEWENDEHAWE &
AFSLAERSDIENSTE

BESOEK ONS BY WWW.BKB.CO.ZA VOLG ONS OP: FACEBOOK INSTAGRAM LINKEDIN YOUTUBE

AFSLAERS: POSBUS 304, CRADDOCK, 5680 TEL: 048 881 3090 FAKS: 048 881 2605 E-POS: BEMARK.CRADDOCK@BKB.CO.ZA REG. NO. 1998/012435/06

BOSTU

- BOERBOELS -

" Bred for Perfection, Raised with Love. "

SA Studbook National Elite Kennel 2022...



Carabella's editing

CHEREEN & THYS VON SOLMS

082 4494889 | 083 4478844

bostuboerboels@gmail.com

www.bostuboerboels.com



Bostu boerboels

Kunsmatige intelligensie kan lei tot omwenteling in landbou



Photo: lamyai/Getty Images

Die invloed van kunsmatige intelligensie (KI) op die landbousektor het reeds 'n diepgaande uitwerking op die wêreldwye voedselwaardeketting en strek van produksie tot op verbruikers se bord.



Bernadette Versfeld, 'n vennoot by Webber Wentzel, sê hulle het vroeër vanjaar ondersoek ingestel na geleenthede – en uitdagings – wat KI op die gasvryheidsbedryf het. (Foto: Verskaf)

Bernadette Versfeld, 'n vennoot by Webber Wentzel, sê hulle het vroeër vanjaar ondersoek ingestel na geleenthede – en uitdagings – wat KI op die gasvryheidsbedryf het.

Dit het ingesluit klante-ervaring, bestuur én omgewings- en maatskaplike kwessies. Die uitdagings

het gewissel van dataprivaatheid tot waar aanspreeklikheid begin en eindig.

KI se verreikende invloed op globale ekonomieë noodsaak 'n ondersoek na die uitwerking daarvan op verskeie sektore, ook die landbou.

“Op 'n afstand lyk landbou dalk ver verwyderd van KI as konsep en die werklike gevolge daarvan, maar die teendeel is waar omdat die invloed daarvan op die landbousektor reeds 'n diepgaande uitwerking het op wêreldwye voedselvoorsiening en verbruik. Dit strek tot in ons huise en op ons etenstafels,” lui 'n verklaring.

Die VSA sal na verwagting teen 2026 \$4 miljard (ongeveer R73 miljard) in KI in die landboubedryf belê, teen 2028 sal die bedrag op \$4,7 miljard (sowat R85 miljard) staan en teen 2028 op \$4,7

miljard (ongeveer R85 miljard). Die verskillende maniere waarop KI in die landbousektor toegepas word, veral deur kommersiële boerderye en groot maatskappye in die bedryf, toon hoe dit wêreldwye voedselproduksie kan revolusioneer.

Die landbousektor het hommeltuie in onlangse jare gebruik vir lae-hoogtebeelde van gewasse om die doeltreffendheid van plaagdoder en ander visuele leidrade van gewasontwikkeling te identifiseer.

KI gebruik hierdie data-insette en verwerk dit teen 'n hoë spoed, wat beteken boere maak nie meer net staat op hul eie ervaring en kennis nie, maar ook op inligting wat in sommige gevalle oor 'n tydperk van jare op duisende ander plase ingesamel is. Hommeltuie werk meer presies en word gebruik om te plant of te saai, in samewerking met werkers op maniere wat menslike arbeid en grondgebruik optimaliseer.

Algoritmes help boere byvoorbeeld besluit hoeveel water om aan hul gewasse toe te dien en gebruik onder meer regstreekse weerinligting hiervoor. 'n Boer kan ook 'n KI-stelsel gebruik om op die beste beskikbare saad en produksie daarvan te besluit.

Die gebruik van KI is egter nie sonder slaggate nie.



Die privaatheid en beskerming van data is een so 'n kwessie wat fyn bestuur moet word. Hoe meer data 'n organisasie skep, hoe groter is die behoefte om dit korrek te bestuur en te beskerm.

Risiko's wat geskep word, sluit in kuberseiligheidsbedreigings, ongemagtigde toegang tot data en selfs kuberaanvalle.

Daar is ook 'n gevaar dat kopiereg geskend kan word deur data te gebruik wat deur KI gelewer is.



Suid-Afrikaanse wetgewing gee weinig leiding oor die gebruik en bestuur van KI-verwante inhoud en dit plaas die verantwoordelikheid op maatskappye en hul werknemers om hulself teen aanspreeklikheid te beskerm.

“KI bied die landbousektor talle voordele, maar daar is ook inherente risiko's. Scenarioeplanning, voorbereiding en behoorlike regsadvies is deurslaggewend om hierdie slaggate te vermy,” sê Versfeld.

Bron: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/kunsmatige-intelligensie-kan-lei-tot-omwenteling-in-landbou/>

SLEGS VIR DIERGEBRUIK.

VitaAD₃E

Reg. Nr. G3929 (Wet 36 van 1947)



Gereed om te gebruik, olie-basis vitamien oplossing vir die behandeling van avitaminose A, D₃, en E as aanvullende terapie in beeste.



Vita AD₃E insuitbare oplossing. Bevat: Vitamien A palmitaat, Vitamien D₃, en Vitamien E asetaat. Registrasienuommer G3929 (Wet 36 van 1947).
 Registrasiehouer: Antrovet SA (Pty.) Ltd. Co. Reg. Nr. : 2010/001184/07. Posbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045.
 Tel. +27 (0) 11 826 2988, www.antrovet.co.za. Vind ons op Facebook

DAMVLAKKE

Soos op 23 Augustus 2024



Augustus		
	2023	2024
Oos-Kaap	81%	80%
Vrystaat	96%	81%
Gauteng	97%	84%
KwaZulu-Natal	89%	87%
Limpopo	87%	77%
Mpumalanga	96%	90%
Noord-Wes	87%	71%
Noord-Kaap	92%	75%
Wes-Kaap	92%	94%

BOERhier

www.boerhier.co.za

Provincial Summary (sawx.co.za)



WHERE **GENETICS** EVOLVE



15DE PRODUKSIEVEILING
DONDERDAG, 29 AUG. 2024 | AFRIDOME, PARYS
20 BULLE & 40 VROULIKE DIERE




**GESUBSIDIEERDE
VERVOER BESKIKBAAR**

GEORGE POTGIETER | 072 497 2008
JUNIOR KEYSER | 083 387 6775
JANUS OBERHOLZER | 082 922 1265
(VLEISSENTRAAAL)

FACEBOOK:
POTHOU SUSSEX
PROGEN SUSSEX GROUP
BLEMA BA KAN - SUSSEX STUD

WWW.POTHOU.CO.ZA



Nee, vrou...
Ek't gevra vir 'n
bakkie pap.

**IDEES
VOLVREES**
KOBUS@KOMEDIE.CO.ZA



ALGAR


IND BK

Veehanteringstoerusting
Livestock Handling Equipment



algar@algar.co.za
www.algar.co.za
082 324 6256

mini
TMR
mengers



40 ton voer vir boere ná veldbrande

AfriForum het 40 ton voer aan boere van Noordwes en Gauteng geskenk wat al die winterweiding vir hul vee in 'n verwoestende veldbrand verloor het.

Die veldbrand het Sondag 11 Augustus in die omgewing van Fochville in Gauteng uitgebreek en spoedig – met 'n windspoed van meer as 35 km/h – verder oor dié provinsie en na Noordwes en die Vrystaat versprei. Alle weiding is in 'n kwessie van 'n paar uur gebrand wat ongeveer 2 000 vee vir die res van die seisoen tot die eerste goeie reënval sonder kos gelaat het.

“AfriForum is dankbaar om hierdie boere met voer vir hul vee uit die AfriForum-noodfonds te kon help,” sê Tarien Cooks, rampbestuurspesialis vir AfriForum. “'n Gemiddelde bees eet ongeveer 10 kg voer per dag. Die noodfonds skep hoop in gemeenskappe waar rampe of ernstige voorvalle tref. Hierdie skenking is slegs moontlik danksy almal wat 'n donasie tot AfriForum se noodfonds maak.”

Sy sê van die boere het trane in hul oë gekry van dankbaarheid toe die voer afgelewer word.

Frans de Bruin, een van die boere wat voer ontvang het, sê dat hy AfriForum se hulp met voer vir sy vee ontsettend baie waardeer.

Enigiemand kan 'n bydrae maak tot AfriForum se noodfonds. Besoek www.afriforum.co.za – klik op “skenk nou” en volg die stappe.



(Fotos verskaf deur AfriForum)

Bron: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/40-ton-voer-vir-boere-na-veldbrande/>

Veldbrande saai verwoesting.

Boere verloor elke jaar duisende hektaar weiding.

Jou donasie kan help om voer te voorsien en die boere by te staan wat skade gely het.

Bankbesonderhede:

Bank: Eerste Nasionale Bank

Rekeninghouer : AfriForum MSW

Takkode: 261550

Rekeningnommer: 623 498 98 398

Verwysing: Brande



www.afriforum.co.za

Ovi-Clos P



- Bloednier
- Klem-in-die-kaak
- Sponssiekte
- Kwaadaardige Edeem
- Pasteurellose (Lang en Septisemies)



Beskikbaar in:
100ml & 250ml
50 Doseer 125 Doseer



**WEES SEKER EN GEBRUIK
OVI-CLOS P OM JOU
LAMMERS TE ENT**

Omvattende Lewerslak Beheer vir Beeste



TRINEX PLUS 19,5%



Rondewurm- middel	Lewerslak beheer		
	Vroeë Onvolwasse	Onvolwasse	Volwasse
Ja	✓ (*)	✓ (*)	✓ (*)



LEVOXY 5,9%



Rondewurm- middel	Lewerslak beheer			Peervormige maagslak
	Vroeë Onvolwasse	Onvolwasse	Volwasse	
Ja			✓ (*)	Ja



Ivermax + Fluke



Rondewurm- middel	Lewerslak beheer		
	Vroeë Onvolwasse	Onvolwasse	Volwasse
Ja			✓ (*)



ENDOJECT+FLUKE



Rondewurm- middel	Lewerslak beheer		
	Vroeë Onvolwasse	Onvolwasse	Volwasse
Ja		✓ (**)	✓ (*)

Doeltreffendheid: * Beheer = $\geq 90\%$ doeltreffend; ** Hulp in beheer = 60 – 89% doeltreffend. Vervys na produk voubijet vir spesifieke inligting aangaande doeltreffendheid.

VERBETER DIE LEWERSGESONDHEID VAN JOU KUDDE!



POSTMASBURG LENTEVEILING

28 AUGUSTUS 2024

POSTMASBURG SKOUGRONDE, 11:00

HOU DIE DATUM OOP!



**STOET RAMME, STOET OOIE
BULLE & VROULIKE DIERE**

Vir meer inligting besoek André Kock en Seun Facebook Blad.

SCHALK ERLANK : 082 558 6891

JJ BREDEKAMP : 082 735 8770

TJ SNIJMAN : 078 319 4140



ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK
Lewendehewe Afseters & Eendomeagente
Livestock Auctioneers & Estate Agents

053 927 1981



VERKOOP VOORWAARDES: Rekeninge moet vereffen word direk na afloop van veiling dmv kontant of elektroniese fondsoordrag. Sodra totale bedrag in ons rekening reflekteer kan items/diere gelaai word. Kontantheringsfooie sal gehêf word op alle kontantransaksies. FICA dokumentasie (ID / paspoort en bewys van verblyf) moet teenwoordig wees om transaksie af te handel.



Aanbod:

30 Bulle

100 Koeie

in verskillende stadiums van dragtigheid

M210258

Alle bulle negatief getoets vir dubbel-
bespieroing: nt821, Q204X, F94L.

Beskikbaar vir besigtiging
28 AUGUSTUS 2024

GRATIS vervoer in RSA
(slegs vir bulle)



NAVRAE:

Paul van Niekerk : 082 577 6556

Jaco Maritz : 082 853 7941

Carl Theron : 072 670 7431

Willem van Huyssteen : 083 444 8074

Steven Mathews : 076 865 0604

PVN210335

TERME:
Slegs kontant of elektroniese
betalings. Kaart fasiliteite
sal beskikbaar wees. Bankkoste
word op kontant en kaartbetalings
gehef. Aankope mag eers gelaal
en verwyder word sodra Karoo-Ochse
bewys van betaling ontvang het.

Bo
Velder
Bees Studiegroep
www.bovelder.co.za
In samewerking met die
Bovelder Bees Studiegroep

 **Karoo-Ochse**

082 335 5476 / 082 926 6614



Johannes 14:15-16

“¹⁵As julle My liefhet, sal julle my gebooie onderhou. ¹⁶En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee, sodat Hy vir ewig by julle kan wees.



Foto: AffiePlaas Fotografie



Bewerkingsdiepte op sandgrond: Hoe diep is diep genoeg? – Vrystaat Suid Afrika

Om die impak van verdigting op sandgrond te verminder, is dit dalk nodig om verskillende bewerkings af te wissel.

Deurlopende proewe in een van Suid-Afrika se belangrikste mielieproduserende streke, die oorsprong van sowat 'n vyfde van die land se mielies, bied al hoe meer antwoorde oor optimale dieptebewerking vir die hoogste opbrengs en beste dieselverbruik.

'n Belangrike nuwe vraagstuk is afwisselende bewerkings in geenbewerkingsomstandighede. Die sandgrond van die Noordwes-Vrystaat het besondere eienskappe.

Eerstens is die klei-inhoud van die boonste gedeelte van die profiel onder 10%, en naby die oppervlak is dit soms laer as 5%. Deeltjiegroottegewys bestaan die sand hoofsaaklik uit medium- en fynsand.

In die afwesigheid van genoeg klei om deeltjies te bind, is die grond besonder kwesbaar vir winderosie en verdigting. Die verdigting ontstaan gewoonlik op 25 cm of dieper en dit kan die groei van gewasse se wortels ernstig beperk.

Sodra die wortelgroei deur verdigting beperk word, kan dieperliggende grondwater en veral die tydelike watertafel wat dikwels ontstaan, nie benut word nie. Die resultaat is dat die opbrengs deur “droogte” beperk word.

Die ontwikkeling van groter en kragtiger trekkers in die 1960's en 1970's het die moontlikheid van omvangryker bewerkings moontlik gemaak. Só het die rip-op-die-ry-bewerking gedurende die 1970's ná heelwat navorsing en ontwikkeling beslag gekry om die beperkings te oorkom.

Eensyds word die grond diep genoeg losgemaak om enige verdigting op te hef, en andersyds om soveel moontlik oesreste op die grond te laat om winderosie te bekamp.

Hierdie rip-op-die-ry-bewerking het die potensiaal van die Noordwes-Vrystaat vir gewasproduksie 'n aansienlike hupstoot gegee. Dit is veral in droër seisoene van besondere belang as die dieperliggende opgebergde grondwater benut moet word.

'n Behoorlike aanbeveling oor hoe diep die bewerking moet wees, was en is steeds vaag. Algemene stellings soos “bewerk diep genoeg om die verdigting op te hef” word gehoor, maar hoe diep is dit werklik?

Wat soms ook verwarring veroorsaak, is dat 'n bewerkingsdiepte van 40 cm in ander streke en lande as “diep” bewerking beskou word. Is 40 cm diep genoeg in die sandgrond van die Noordwes-Vrystaat?

Proef só benader

Een van die aspekte waaraan die Sandgrondontwikkelingskomitee (SOK) sedert 2016-'17 aandag gee, is om bogenoemde vraag te probeer beantwoord.

Een van die medewerkers, mnr. Thabo van Zyl van Wesselsbron, het vir vyf seisoene 'n proef met 'n behoorlike statistiese uitleg op die plaas Doornbult by Bothaville uitgevoer. Die grondvorm is Avalon en die familie Blackmoor.

Die grondprofiel se klei-inhoud is 6% van die oppervlak tot op 60 cm-diepte en neem dan op 80 cm-diepte toe tot 12%. Op 'n diepte van 100 cm is die klei-inhoud 14%. Die produksiestelsel wat gevolg word, is drie seisoene agtereenvolgens mielies, gevolg deur een seisoen sojabone.

Aan die begin van die proef is die bewerkingsrigting met 30 grade vanaf die vorige seisoen verander. Bewerkings is op dieptes van 45 cm tot 90 cm gedoen met 'n tandemskeurploeg waarvan die tande 76 cm uit mekaar gespaseer is.

Die skeurploeg se diepste tand het 'n dwarskaar wat 10 cm breed is, en die vlakker tand van sowat 20 cm se skaar is 30 cm breed. 'n Trekker wat 'n kraglewering van 70 kW per tand het, word gebruik om die tandemskeurploeg met sy ses stelle tande teen 'n spoed van 6 km/h te trek.

Bepaalde bewerkingsdieptes is jaarliks op dieselfde persele herhaal en beheerde spoorverkeer is streng met alle aksies toegepas. 'n Sestien-ry-planter met 76 cm-ryspasiëring is gebruik.

Twee plantereenhede is verwyder om twee 152 cm-bane oop te laat wat as tweespoorpad vir ander aksies gedien het. Gedurende die eerste vier seisoene is mielies verbou en in die vyfde seisoen sojabone.



Ekstra persele is in die vyfde seisoen bygevoeg waarop geen skeurploegbewerkings toegepas is nie. In die voorafgaande seisoen was die bewerkingsdiepte 75 cm op die betrokke persele.

Dieselverbruik

Dieselverbruik word deur verskeie faktore bepaal, onder meer die diepte van bewerking, die waterinhoud en digtheid van die grond. Hoe dieper bewerk word en hoe droër en digter die grond is, hoe hoër is die dieselverbruik.

Selfs die verandering van die ry- en bewerkingsrigting beïnvloed die dieselverbruik. Sodra die ryrigting verander word, word die verdigte "tweespoorpad", wat tydens die vorige seisoen ontstaan het, weer bewerk.

Die resultate wat verkry is, illustreer die invloed van bewerkingsdiepte en gronddigtheid weens rigtingverandering goed. Soos logies verwag is, het die dieselverbruik met bewerkingsdiepte toegeneem, soos in Grafiek 1 gesien kan word.

Tydens die eerste seisoen met die verandering van die ryrigting was die dieselverbruik aansienlik hoër as in die daaropvolgende seisoene waar daar jaarliks op dieselfde plek of ry bewerk is.

Vanaf 'n diepte van 45 cm het die brandstofverbruik, waar die ryrigting verander is, met 5,8 liter/ha toegeneem per 10 cm- toename in die bewerkingsdiepte.

Die ooreenstemmende dieselverbruiktoename waar die ryrigting nie verander is nie, was 3,8 liter/ha. Vir 'n bewerkingsdiepte van 75 cm was die verskil 'n aansienlike 10 liter/ha. Om dus jaarliks op dieselfde plek in 'n beheerde spoorverkeerstelsel te bewerk, maak uit 'n besparingsoogpunt sin.

Mielie-opbrengs

In die vier seisoene waarin mielies verbou is, is die graanopbrengs in die twee droër seisoene sterk beïnvloed deur die bewerkingsdiepte tot op 'n diepte van 75 cm (Grafiek 2). Bewerkings dieper as 75 cm het geen opbrengsverhoging tot gevolg gehad nie.

Die opbrengstoename tussen die bewerking van onderskeidelik 45 cm en 75 cm diep was gemiddeld 0,73 t/ ha vir elke 10 cm wat dieper bewerk is.

Met die huidige diesel- en graanprys is die koste om dieper as 45 cm te bewerk, besonder klein in vergelyking met die inkomste wat met opbrengsverhoging gegaar gaan.

In die twee natter seisoene is die opbrengs glad nie deur die diepte van bewerking beïnvloed nie. Om 45 cm diep te bewerk was net so goed as om 75 cm diep te bewerk.

Gedurende die eerste van dié seisoene waartydens droogte geen, indien enige, rol gespeel het nie, was die gemiddelde opbrengs 8,4 t/ha. In die tweede seisoen was die gemiddelde opbrengs van al die bewerkingsdieptes slegs 2,8 t/ha weens versuiping.

Duidelik speel 'n seisoen se reënval 'n bepaalde rol in die optimale en winsgewendste bewerkingsdiepte. Die voorspelbaarheid van 'n komende seisoen se reën op 'n bepaalde plaas bly onmoontlik.

Afgesien van die hoeveelheid reën het ondervinding geleer dat die verspreiding van reën deur die seisoen 'n baie groot invloed op die prestasie van gewasse het. Die boodskap vir mielies is dus: Bewerk die grond 75 cm diep en moenie onnodig die ryrigting verander nie.

Sojaboonopbrengs

Die opbrengs van sojabone is, soos met mielies, ook sterk deur die bewerkingsdiepte van 45 cm tot 75 cm beïnvloed. Die opbrengs het met 0,36 t/ha toegeneem vir elke 10 cm wat dieper bewerk is, tot op 'n diepte van 75 cm (Grafiek 3).

Die sojaboonpatroon stem dus ooreen met dié van mielies en die boodskap is dieselfde: Vir die beste resultate, bewerk 75 cm diep. Die invloed van bewerkingsdiepte is, aan die bogroei beoordeel, gewoonlik onopvallend. Die invloed op die opbrengs is gewoonlik duidelik (sien foto hiernaas).

Onbeantwoorde vrae

'n Baie belangrike vraag is of dié resultate ook op ander dele van die Noordwes-Vrystaat met soortgelyke grond van toepassing is. Teoreties beskou, behoort grond waarvan die tekstuurpatroon van die profiel verskil, bes moontlik 'n ander bewerkingsdiepte te vereis.

Só kan 'n skerper toename in die klei-inhoud met diepte van die profiel dalk 'n vlakker bewerking

vereis. Om die vraag te beantwoord, is verdere navorsing nodig.

Met die voortdurende styging van bewerkingskoste is 'n tweede vraag of dit nie dalk sin maak om slegs elke tweede seisoen 'n diepskeurploegbewerking toe te pas nie.

Dit sou met ander woorde behels om bewerking en geenbewerking seisoensgewys af te wissel met die behoud van beheerde spoorverkeer en posisie van die plantrye.

'n Moontlike afname in die opbrengs weens geenbewerking kan dalk kleiner wees as die koste van 'n skeurploegbewerking van 75 cm diep. Dié moontlikheid is deur mnr. Lourens van der Linde, ook 'n SOK-boeremedewerker naby Wesselsbron, ondersoek.

Slegs twee jaar se resultate is beskikbaar en, soos klokslag, speel die reënval 'n belangrike rol in die resultate. In die eerste seisoen was die mielie-opbrengs van die geenbewerking sowat 10% of 0,87 t/ha laer as die opbrengs van die seisoenale bewerking.

In die tweede seisoen was die opbrengs van die geenbewerking weer 4% hoër as die opbrengs van die jaarlikse bewerking. Heelwat navorsing is ook oor dié aspek nodig.

As 'n mens na die bogroei kyk, kan die invloed van die bewerkingsdiepte gewoonlik nie juis gesien word nie. Die invloed op die opbrengs is egter duidelik. Die sojabone links is dieper bewerk, en die regterkantse gewasse vlakker.

Mnr. André Nel is 'n onafhanklike landboukundige. Hy het dié artikel geskryf met die samewerking van mnr. Danie Beukes, Thabo van Zyl en Lourens van der Linde, almal medewerkers van die Sandgrondontwikkelingskomitee, wat met die finansiële steun van die Mielietrust onafhanklike agronomiese navorsing op die watertafelsandgrond van die Noordwes-Vrystaat doen.



Bron: <https://agricultureportal.co.za/index.php/all-agri-news/nuus-afrikaans/7634-bewerkingsdiepte-op-sandgrond-hoe-diep-is-diep-genoeg-vrystaat-suid-afrika>



AUCTION

29 AUGUST 2024 | 11:00

📍 BLOEMFONTEIN SKOUGRONDE



Bloemfontein
Gert Coetsee 082 414 5177

MEERKAT
ONLINE AUCTIONS

DE WET BOOYSEN 079 506 5390
MYBURGH WESSELS 082 333 3396

ADVERTENSIE TARIIEWE



Een prys om in al 3 maandelikse tydskrifte te adverteer

- Volblad Advertensie = R5 500 per maand
- Halfblad Advertensie = R4 500 per maand
- Artikel = R1 500 per tydskrif
- Artikel & Volblad Advertensie = R6 000
- Voorblad pakket = R9 500
- Voorblad = R3 500

Bg. advertensies sluit in: Advertensie weekliks op ons 22 sosiale media platforms



Opstel van advertensies beskikbaar @ addisionele koste
(Terme & Voorwaardes geld)


Uitgawe datums:

- BH Veilings 5de
 - FARMhere 15de
 - BOERhier 25ste
- van elke maand**

BOERhier / FARMhere gee God al die eer vir ons volgehoute sukses.

Kontak ons:     

 (0) 73 895 6392 |  (0) 71 704 6282

 info@boerhier.co.za

www.boerhier.co.za

TRANSVELD
MEATMASTER KLUB



BOEREDAG

30 August 2024

@ Fire and Wine Arena, Pretoria

Come join us for a fun-filled day for the whole family!

Livestock farming presentations and demo's

Livestock exhibitors

Fresh produce and Wine exhibitors

Jumping castle

Livestock Handling equipment displays

Potjiekos Competition

And much more...

BRAAI AND KUIER AFTERWARDS!

Contact:

Terence: 078 615 4917 / Lana: 082 902 6593 / Ema: 083 767 2777



Maxipour

KILLS TICKS DEAD

Ready-to-use pour-on for ticks on cattle, sheep, ostriches and game



Available in: 200 ml, 500 ml, 1, 5 l, 20 l

- ✓ Easy application
- ✓ Residual action
- ✓ Sterilises female ticks

- ✓ Rainfast
- ✓ Non-systemic action

Contains: Flumethrin 1 % m/v





Grondbone is 'n goeie keuse- Suid Afrika

Grondbone word sterk aanbeveel in 'n mielie-wisselbouprogram. Grondbone is 'n moeilike gewas om te verbou, maar selfs in die moeilikste toestande was daar die afgelope twee seisoene boere wat rekord-oeste met topgraderings gehad het.

Goeie wisselboustelsel; deeglike saadbeddingvoorbereiding; bemesting wanneer dit nodig is; goeie, suiwer saad; die regte plantprosedure, plantspasiëring en plantdiepte; gewasversorging, met deeglike aalwurm- en blaarvlekbestryding; die regte besproeiing waar dit van toepassing is; die regte oesdatum en korrekte oespraktyke. Enige monokultuurstelsel is moeilikheid soek. Onder besproeiing verbou sommige boere jaar ná jaar koring in die winter en grondbone in die somer op dieselfde land. Dít is monokultuur, en baie produsente het reeds die nadele daarvan beleef. Op die Vaalharts-besproeiingskema behoort die opbrengste nie onder 4 t/ha te wees nie.

Gars is 'n beter gewas as koring om voor grondbone te verbou, maar die beste is om mielies in te sluit en grondbone ná hawer (wat op mielies volg) te plant. As 'n wintergewas verbou moet word, kan gars en koring ook afgewissel word. Ekonomiese druk laat nie altyd 'n hawer-groenbemesting toe nie, maar grondbone se beter prestasie vergoed daarvoor. Grondbone word geplant op lande wat diep omgeploeg is. Alle plantreste en die boonste grondlaag moet so diep moontlik ingeplou word. 'n Ploeg wat die sooi omkeer, moet gebruik word, eerder as een wat die sooi

net skuins omvou. Tand- of stoppelbewerking is nie geskik vir grondboonproduksie nie. Aangesien grondbone op sanderige grond verbou word, is wind-erosie 'n probleem, en bewerkingspraktyke moet soms van die ideale stelsels afwyk om dít in ag te neem. Ploeg eers en kompakteer dan die grond met 'n eg of tandroller. Ploeg dus so 50 mm dieper as gewoonlik en bring 'n deel van die gekompakteerde laag na die oppervlakte om harder kluite te vorm om winderosie te help beperk. 'n Ferm saadbedding is wenslik, maar dit kan net verkry word deur 'n eg of tandwerktuig te gebruik op lande wat nie waaiprobleme het nie. Grondbone het genoeg voedingstowwe nodig om 'n goeie oes te lewer. Eerstens moet die pH of grondsuurheid reg wees, met 'n lesing van ongeveer 6 (water). Normaalweg is die pH te laag; dan moet die boer vooraf kalk toedien en inwerk. As die grondbone in grond met 'n hoë pH geplant of die gewas met besproeiingswater met 'n hoë pH besproei word, is bemestingstowwe wat swavel bevat (superfosfaat, ammoniumsulfaat en gips) 'n beter keuse. Fosfor, kalsium en kalium is baie belangrik, met stikstof in die vierde plek.

'n Basiese aanduiding van die hoeveelheid voedingstowwe vir 'n goeie opbrengs is:



'n Fosforinhoud van meer as 20 (in Bray2-grond), 'n kalsiuminhoud van ongeveer 400 dele per miljoen, met kalium altyd sowat 25 % daarvan, naamlik 100 dele per miljoen. Stikstof kan deur die plant self geproduseer word met behulp van die stikstofbindende knoppies op die wortels mits dit goed ontwikkel is. Waar daar heelwat plantreste is of wanneer hawer, koring, gars of mielies onder besproeiing verbou is, kan die boer voorsiening maak vir 'n stikstof-negatiewe periode en kan hy 40 kg – 60 kg stikstof/ha (op 9/19/2018 Grondbone 'n veilige opsie om saam met hierdie oesreste of met die ploegaksie voor planttyd inwerk. Die oormatige bemesting van die afgelope jaar of twee op Vaalharts het weer bewys dat boere op dieterrein versigtig moet wees. Dit word deurgaans aanbeveel dat gips teen ongeveer 300 kg/ha op die ry (droëlande) en 600 kg/ha tot 800 kg/ha (besproeiing) net ná planttyd uitgestrooi word. Spoorelemente soos magnesium, sink en yster kan met blaarontledings bepaal word wanneer die blare vergeel. Boortekorte kan in uitgeloopte sandgronde met 'n lae pH, soos in die provinsie Limpopo en in die noorde van KwaZulu-Natal, verwag word. Dit is egter eers met pitvorming sigbaar en kan met 'n boortoediening met planttyd en ses weke later reggestel word. Die boer kan grondontledings doen, maar in uitgeloopte sandgronde, soos by Alma, Naboomspruit en in die Waterberggebied, en in die omgewing van Dundee, Wasbank en Vryheid, behoort die boere buitendien boor toe te dien. Een

kilogram boor, wat in die twee toedienings verdeel word, los die probleem op. Die regte kultivar by grondbone gaan afhang van siekteprobleme, hoofsaaklik swart peulvrot. Onder besproeiing is grondbone as keusegewas problematies as swart peulvrot al voorgekom het, omdat diesiekte lank in die grond bly. Harts, Kwarts en tot 'n mate Akwa het redelike weerstand teen die siekte, maar as die besmetting erg is, sal Akwa ook maar tweede kom; selfs Kwarts ook.

Aalwurm is deesdae seker die grootste probleem en behoort goed beheer te word. As die gongboonsaad nie 'n normale pienk kleur het nie, maar vaal-geelbruin vertoon, kom die saad van besmette lande en behoort dit nie geplant te word nie. Boere moet ook bedag wees op agente wat laer dosisse plaagdoder aanbeveel. Die afgelope seisoen het dierraad wéér nie gewerk nie, en lae opbrengste en swak gradering veroorsaak. Plantluise word eers bestry as die besmettings erg word. Bolwurm word glad nie gespuit nie; dit vrek van 'n virus wat die land bykans immuun teen volgende besmettings maak. Die grondboon-bladmyner, 'n nuwe pes, moet vroeg bestry word. Blaarvlekbestryding is uiters noodsaaklik, maar moet reg en deeglik gedoen word. Blaarvlekbesmetting kan tot vroeëroes lei, met lae opbrengste en swak gehalte. Dit moet dus deeglik bestry word. LNR.

Bron: <https://agricultureportal.co.za/index.php/agri-index/68-crops/226-grondbone-is-n-goeie-keuse-suid-afrika>

ATKA


10de Noordelike Veiling

31 AUG 2024 | **11** VM
SATERRDAG

**EnGedi Manor
Krugersdorp**
Plot 22,
Protea Ridgeweg/
Honingklipweg,
Kromdraai

AANBOD

20 Dorper Ramme
10 Wit Dorper Ramme
50 Dorper Ooie
40 Wit Dorper Ooie
20 Boerbok Ooie



Reserwe Grootkampioen
Wit Dorper Ram
2024 WÊRELDKOU



Grootkampioen
Wit Dorper Ooi
2024 WÊRELDKOU



3de Plek: 2T Klas
2024 WÊRELDKOU
(Bloemfontein)



3de Plek: RAMLAM > 75kg
2024 WÊRELDKOU
(Bloemfontein)



NITRO
- Teelram -

KONTAK - Dr. Corrie Avenant: 082 338 5906
Colone: 084 491 7171 | ATKA Kantoor: 011 791 0051

VLOER & AANLYN BOTTE

CdP
AUCTIONEERING
SERVICES

Danie Strauss: 072 585 4028
(Afslaer)
Kobus Potgieter: 083 654 4594
Corné du Plessis: 076 101 9996
Marlise: 065 716 4689 (Aanlyn)

Aanlyn veiling registrasie & meer inligting:
<https://bid.cdpauctioneers.co.za/>

AANLYN VOORWAARDES:
1) Fica dokumente met registrasie
2) 1% Aanlynveilingkommissie betaalbaar
WWW.CDPAUCTIONEERS.CO.ZA

TYD VIR BOSBEHEER

WIE IS ONS?

Terra Care is September 2001 gestig, met 'n strategie wat gebaseer is op kennis, praktiese ondervinding rakende bos- en probleemplant-beheer.

Chris Richter, die eienaar, het 'n meestersgraad in Weiding Ekologie en is ook 'n geregistreerde Plaagbeheer Operateur.

Ons het 'n uitstekende produkreeks van onder andere UPL Open Ag en Corteva Agriscience



TERRA CARE 36 JAAR BOSBEHEER NAVORSING & BOSVERDIGTING

ONS DIENSTE

- Indringer Plant Beheer (Prosopis, Bloekoms, Wattel tipes, Katbos & Inkbessie)
- Bosbeheer - Hand- & lugtoediening met Vastevlerk vliegtuig, Helikopter & Hommeltuie (Drones). (Slangbos, Soetdoring, Swarthaak, Driedoring, Satansbos, Vaalbos, ens.)
- Industriële Onkruidodders & Sportvelde
- Lyndrade
- Konsultasies & Aanbevelings

GOEDKOOP KOOP IS NIE NOODWENDIG DIE BESTE OPSIE NIE. GEBRUIK EERDER 'N KUNDIGE VIR DIE BESTE RESULTATE

Kameel-doring



Lyn-drade



Katbos



Hiasinte



WAAROM BOSBEHEER

- VELDVERBETERING
- GRASPRODUKSIE
- VERHOOGING TOT DRIE-VOUDIG
- WEIKAPASITEIT
- VERHOOGING 50 - 80% BY 1500 - 2000 BE/HA
- VERBETER VELD-TOEGANGKLIKHEID



Kontak ons vandag nog
Chris: 082 458 4558
Kantoor: 051 445 2477
terracare@tcvm.co.za



NOSA BONSMARA



PRODUKSIEVEILING

4 SEPTEMBER 2024

11:00 - KAREEBOOMBULT - HOOPSTAD

NOSA Bonsmaras:

- 35 SP-bulle
- 120 kommersiële vroulike diere

EAG SA Vleismerinos:

- 25 Geregistreeerde SAVM ramme

Vir die *Gehalte bewuste* koper



Jan Pienaar 082 571 3420 Paseka Pienaar 082 782 9179 (NOSA Bonsmara)
Anja Harmse 073 234 8591 / Henk Harmse 082 302 3633 (EAG SA Vleismerino)
Bärend Britz 082 776 0495 (Vleissentraal) / Mike Killassy (Afslaer) 082 378 8112



GOEIE NUUS: ADVERTEER BY ONS!

Gratis Digitale Tydskrif vanaf 2017
Bereik maandeliks meer as 127 000 lesers

BOERhier / FARMhere het **3 nuwe LinkedIn** sosiale media bladsye en ons het voortgegaan om alle advertensies op hierdie platforms te deel sonder ekstra koste.

Dit bring ons advertensieplatforms tot 22 nou:



- 2 x webwerwe,
- 2 x besigheid FB bladsye,
- 2 x FB Groepe,
- 3 x LinkedIn bladsye,
- 2 x Instagram-bladsye,
- 1 x TikTok bladsy,
- 1 x YouTube-kanaal,
- 3 x tydskrifte en
- 6 x FB bestuursprofiele.


Ons streef daarna om voortdurend aan ons kliënte kwaliteit en effektiewe advertensies te bied.

BOERhier / FARMhere gee God al die eer vir ons volgehoue sukses.



Kontak Ons:    

 (0) 73 895 6392 |  (0) 71 704 6282

 info@boerhier.co.za

www.boerhier.co.za

KI in Landbou: Rekenaarvisie, Robotte en Skale vir Varke



Kunsmatige intelligensie is besig om die landbou en die voedselbedryf vinnig te verower.

Rekenaarvisie in gewasanalise

Om miljarde mense te voed, het jy baie lande nodig. Dit is deesdae onmoontlik om dit met die hand te kweek. Terselfdertyd lei plantsiektes en insek-indringings dikwels tot oesmislukkings. Met die moderne skaal van landboubesigheid is sulke invalle moeilik om te identifiseer en betyds in die kiem te neutraliseer.

Dit stel nog 'n gebied bekend waar rekenaarvisie-algoritmes kan help. Produisente gebruik rekenaarvisie om gewassiektes te herken, beide op mikrovlak, van naby-beelde van blare en plante, en op makrovlak, deur vroeë tekens van plantsiekte of plaeg uit lugfotografie te identifiseer. Hierdie projekte is gewoonlik gebaseer op die gewilde benadering tot rekenaarvisie: konvensionele neurale netwerke.

Let daarop dat ek hier van rekenaarvisie in 'n baie wye sin praat. In baie gevalle is beelde nie die beste bron van data nie. Baie belangrike aspekte van plantlewe kan die beste op ander maniere bestudeer word. Plantgesondheid kan dikwels beter verstaan word, byvoorbeeld deur hiperspektrale beelde met spesiale sensore te versamel of 3D-laserskandering uit te voer. Sulke metodes word toenemend in agronomie gebruik. Hierdie tipe data is gewoonlik hoër resolusie en is nader aan mediese beeldvorming as foto's. Een van die stelsels vir veldmonitering word genoem AgMRI. Om hierdie data te verwerk, is spesiale modelle nodig, maar hul ruimtelike struktuur laat die gebruik van moderne rekenaarvisie-tegnologie toe, in die besonder konvolusionele neurale netwerke.

Miljoene word in plantfenotipering en beeldnavorsing belê. Die hoofsaak hier is om groot stelsels data oor gewasse in te samel (gewoonlik in die vorm van foto's of driedimensionele beelde) en fenotypedata met plantgenotipe te vergelyk. Die resultate en data kan gebruik word om landboutegnologieë regoor die wêreld te verbeter.

Robotika in die landbou

Outonome boerdery robots soos Prospero kan 'n gat in die grond graaf en iets daarin plant, volgens voorafbepaalde algemene patrone en met inagneming van die spesifieke kenmerke van die landskap. Robotte kan ook sorg vir die groeiproses deur met elke plant individueel te werk. Wanneer die tyd reg is, sal robotte oes en elke plant weer presies behandel soos dit moet. Prospero is gebaseer op die konsep van swermboerdery. Stel jou 'n leer van klein Prospero voor wat deur die lande kruip en netjiese, egalige rye plante in hul nasleep laat. Interessant genoeg het Prospero eintlik in 2011 verskyn, voor die bloeitydperk van die moderne diepleerrevolusie. Vandag, robotte versprei vinnig in die landbou, wat jou toelaat om meer en meer roetine-take te automatiseer:

- Outomatiese hommeltuie spuit gewasse. Klein, flink hommeltuie is in staat om gevaarlike chemikalieë meer akkuraat as konvensionele vliegtuie af te lewer. Boonop kan spuit hommeltuie gebruik word vir lugfotografie om data te verkry vir rekenaarvisiealgoritmes wat aan die begin van hierdie artikel genoem word.
- Al hoe meer gespesialiseerde robotte vir oes word ontwikkel en gebruik. Stropers bestaan al

lank. Tog, eers nou, met behulp van moderne metodes van rekenaarvisie en robotika, was dit moontlik om byvoorbeeld 'n robot te ontwikkel wat aarbeie pluk.

- Robotte hou van Hortibot is in staat om individuele onkruid te herken en dood te maak deur hulle meganies te verwyder. Dit is nog 'n groot sukses van moderne robotika en rekenaarvisie aangesien dit voorheen onmoontlik was om onkruid van nuttige plante te onderskei en met klein plantjies te werk deur manipuleerders te gebruik.

Terwyl baie landbourobotte steeds prototipes is of op klein skaal getoets word, is dit reeds duidelik dat ML, KI en robotika goed in die landbou kan werk. Daar kan met sekerheid voorspel word dat al hoe meer landbouwerk in die nabye toekoms geoutomatiseer gaan word.

Omsien na plaasdiere

Baie meer maniere om KI in die landbou te gebruik word aktief ontwikkel. Byvoorbeeld, 'n loodsprojek deur Neuromasie bring rekenaarvisie na 'n bedryf wat nog nie veel aandag van die diepleergemeenskap gekry het nie: veeteelt.

Daar was natuurlik pogings om masjienleer op vee-opsporingsdata te gebruik. Byvoorbeeld, Pakistanse opstart Cowlar het 'n halsband bekendgestel wat die aktiwiteit en temperatuur van koeie op afstand monitor onder die pakkende slagspreuk "FitBit for Cows." Franse wetenskaplikes ontwikkel gesigsherkenning vir koeie.

Daar is ook pogings om rekenaarvisie te gebruik in 'n voorheen verwaarloosde bedryf ter waarde van honderde miljarde dollars – varkboerdery. Op moderne plase word varke in relatief klein groepies aangehou, waarin die diere wat die meeste ooreenstem, gekies word. Die hoofkoste in varkproduksie is voedsel, en die optimalisering van die vetmaakproses is die sentrale taak van moderne varkproduksie.

Die boere sou heel waarskynlik hierdie probleem kon oplos as hulle gedetailleerde inligting oor die gewigstoename van varke het. Soos per hierdie site, word diere gewoonlik net twee keer in hul hele lewe geweeg: heel aan die begin en heel aan die einde van vetmaak. As kenners geweet het hoe elke varkie vetmaak, sou dit moontlik wees om vir elke vark 'n individuele vetmaakprogram op te stel, en selfs 'n individuele samestelling van voedselbymiddels, wat die opbrengs aansienlik sou verbeter. Dit is nie baie



moeilik om diere op die weegskaal te ry nie, maar dit is 'n groot stres vir die dier, en varke verloor gewig van stres. Die nuwe KI-projek beplan om 'n nuwe, nie-indringende metode om diere te weeg, te ontwikkel. Neuromation gaan 'n rekenaarvisiemodel bou wat die gewig van varke uit die foto- en videodata sal skat. Hierdie skattings sal ingevoer word in die reeds klassieke, analitiese masjienleermodelle wat die vetmaakproses sal verbeter.

Landbou op 'n grens van kunsmatige intelligensie

Boerdery en veeteelt word dikwels as outydse bedrywe beskou. Vandag verskyn die landbou egter toenemend aan die voorpunt van kunsmatige intelligensie.

Die hoofrede hier is dat baie take in die landbou gelyktydig is:

- Kompleks genoeg dat hulle nie geoutomatiseer kan word sonder die gebruik van moderne kunsmatige intelligensie en diep leer nie. Gekweekte plante en varke, hoewel soortgelyk aan mekaar, het steeds nie dieselfde monterlyn verlaat nie, elke tamatiebos en elke vark het 'n individuele benadering nodig, en daarom was menslike ingryping tot baie onlangs absoluut noodsaaklik.
- Eenvoudig genoeg dat ons dit met vandag se ontwikkeling van kunsmatige intelligensie kan oplos, met inagneming van die individuele verskille tussen plante en diere, terwyl ons ook die tegnologieë outomatiseer om daarmee te werk. Om 'n trekker in 'n oop veld te bestuur is makliker as om 'n motor in die verkeer te bestuur, en om 'n vark te weeg is makliker as om te leer hoe om die Turing toets.

Landbou is steeds een van die grootste en belangrikste bedrywe op die planeet, en selfs 'n klein toename in doeltreffendheid sal groot winste meebring bloot vanweë die blote omvang van hierdie bedryf.


Bron: <https://www.unite.ai/af/ai-in-agriculture-computer-vision-robots-and-scales-for-pigs/>

TONY CAHI Dorpers & WESTFRONT DORPERS

PRODUKSIEVEILING : DONDERDAG, 5 SEPTEMBER 2024

| 11H00 | PLAAS ERFDEEL, PRIESKA DISTRIK

GPS: 29°38'54.2" S 22°22'59.2"E



AANBOD: • 30 Dorper Ramme • 40 Wit Dorper Ramme • 15 Van Rooy Ramme • 10 Boerbok Ramme
• 25 Wit Dorper Ooie • 20 Van Rooy Ooie

NAVRAE:

STIAAN VON WIELLIGH (BKB) 082 844 6604
TONY CAHI 082 788 6180
WIEHAN VAN STADEN 083 276 4707
RIKUS VD MERWE 082 890 0351
AFSLAER: DANIE STRAUSS 072 585 4028



VOLG ONS OP: FACEBOOK INSTAGRAM LINKEDIN YOUTUBE

AFSLAERS: POSBUS 304, CRADOCK, 5880 TEL: 048 881 3090 FAKS: 048 881 2605 E-POS: BEMARK.CRADOCK@BKB.CO.ZA REG. NO. 1998/012435/06

BESOEK ONS BY WWW.BKB.CO.ZA

BKB
LEWENDEHAWE &
AFSLAERSDIENSTE

TANNIN BROWSE DRY

Reg. Nr. V30442 (Wet 36 van 1947) Class: Digestive Modifier

Help jou vee dié winter om beskikbare plantmateriaal beter te benut met...

TANNIN BROWSE DRY



Selfs dooie plantmateriaal bevat voedingswaarde - benut dit!


Tannin Browse Dry het 4 bestanddele om die spysverteringstelsel te ondersteun

Voeg by water, lek of voer

Gee vanaf herfs tot na die eerste lentereën

1-4 g per dier per dag

Flagship Auction '24



**31
AUG**

**FIRE
&
WINE,
PRETORIA**

**11
AM**



Meatmaster™
*Geld uit die veld
Nature's Moneymakers*



Contact: Terence: +27 78 615 4917/ Lana: +27 82 902 6593/ Ema: +27 83 767 2777

CdP

**AUCTIONEERING
SERVICES**

Corné du Plessis: 076 101 9996
PW van Heerden: 083 627 4133 | Jim Makgae: 073 735 9195
Marlise: 065 716 4689 | 010 745 0649 | 078 776 7231 (Online)
Corné v Tonder: 082 339 5096 (Online Technical)
www.cdpauctioneers.co.za | cdp@cdpauctioneers.co.za

MARKETING

ADMIN

ONLINE



AffiePlaas Fotografie

Landbou Fotograaf/ Videograaf



Veiling
bemarkingsmateriaal



Katalogus fotos en
lot videos



Veiling
bemarkingsvideo



Drone beskikbaar

Opsommingsvideo van
veilingsdag/boeredag

Sosiale media
bemarking



Zanmari Crous
066 226 8247



Dragtigheid

Opgestel deur NWKV

Produsentediens

Die dragtigheidsperiode van ooie is vir elke skaapboer die belangrikste tydperk van die jaar. Die voedingspeil en bestuurspeil gedurende hierdie periode beïnvloed die winsgewendheid van die onderneming regstreeks.

Om die belangrikheid daarvan te beklemtoon kan hier net kortliks genoem word watter funksies die ooi in hierdie periode vervul:

- Sy is besig om haar eie liggaam te onderhou.
- Sy is besig om wol te produseer.
- Sy is besig om liggaamsreserwes op te bou vir die strawwe laktasieperiode wat voorlê.
- Sy sorg dat die uier ontwikkel sodat genoeg melk geproduseer kan word.
- Sy verskaf voedingstowwe sodat die ongevore lam voldoende kan ontwikkel om lewensvatbaar te wees by geboorte.

Verdien hierdie harde werk wat die ooi verrig dan nie beter voeding as normaalweg nie?

Die duur van dragtigheid is ongeveer 150 dae. Dit kan ten opsigte van voedingsbehoefte in twee periodes verdeel word, nl. die eerste 3½ maande en die laaste 1½ maand.

Die eerste 107 dae

Vandat die ooie gepaar is mag voedingstekorte nie voorkom nie aangesien dit embryo-afsterwings kan veroorsaak. Bowendien word 'n agterstand as gevolg van 'n voedingstekort in hierdie periode gewoonlik eers na speen ingehaal. Die laaste periode van dragtigheid en die laktasieperiode stel sulke hoë eise aan die ooi dat sy nie 'n agterstand kan inhaal nie. Dit sal elke boer loon

om gedurende hierdie periode te sorg dat die ooi in 'n gesonde, groeikragtige kondisie bly. Veral in die grasveldstreke sal dit die ooi help as goeie proteïenenergieleke beskikbaar is in die winter wanneer die veld min werd is.

Laaste periode

Soos reeds bekend vind ongeveer 70 persent van die lam se groei in hierdie tyd plaas. Sorg moet gedra word dat ooie wat in goeie kondisie was, gedurende die hele dragtigheidsperiode 9 tot 11 kg in massa toeneem. Die ideale massa vir 'n pasgebore Merinolam is 4,1 kg. Hoelaer die geboortemassa, hoe laer die lewensvatbaarheid. Indien die boer sou vind dat sy lammers ligter is, is dit 'n aanmaning dat voldoende groei nie plaasgevind het in die dragtigheidsperiode nie. Sulke ooie se uiers is ook nie in so 'n mate ontwikkel dat maksimum melkproduksie kan plaasvind nie. Sulke lammers het dus 'n

agterstand wat makliker voorkom as ingehaal kan word. Bowendien het sulke ooie dan gewoonlik breekwol omdat sy min liggaamsreserwes vir die laktasieperiode het.

Byvoeding

Voordag byvoeding aan ooie oorweeg word, is dit goed om eers vas te stel of dit ekonomies sal wees. Byvoeding sal ongetwyfeld 'n hele paar rand beloop, veral as dit vir die volle ses weke

van laatdragtigheid moet geskied. Die ander sy van die saak is egter dat 'n voedingstekort in hierdie periode juis veroorsaak is deur te veel diere. Vir sulke surplus diere op die plaas moet in elk geval byvoeding verskaf word, anders word die natuurlike veld uitgeput en vertrap, wat groter skade meebring as die ekstra voerkoste. Dit is verder byna onmoontlik om soveel voer in die ooi te stop dat dit die gesamentlike sake van die lam, veld en breekwol oorskry. Daar is dus hoofsaaklik drie moontlikhede wat betref dragtigheidsvoeding:

- Daar is genoeg spaarveld van goeie gehalte sodat die nodige groei kan plaasvind sonder byvoeding.
- Daar is genoeg weiveld beskikbaar, maar dit is van 'n swak gehalte. In hierdie geval sal 'n goeie energieproteien gewoonlik die regstelling maak.
- Daar is te min of geen veld beskikbaar nie. Oorbelaading of moeilike jare noodsaak die boer om in sulke gevalle die ooie te onttrek van die veld en in klein kampies met voldoende koelte te hou.

Gebalanseerde rantsoene word dan verskaf in voerders met voldoende vreetspasie om

kompetisie uit te skakel. Die samestelling van die rantsoen sal afhang van watter voere die maklikste en goedkoopste bekombaar is. Dit kan hier net genoem word dat daar reeds boere is wat hierdie praktyk in elk geval toepas met groot sukses. Absolute minimum lammervrektes vind onder sulke omstandighede plaas waar die bestuurspeil maklik hoog gehou kan word.

Die ooi se voedingsbehoefte klim veral ten opsigte van energie in die laaste periode van dragtigheid. 'n Tekort hieraan veroorsaak dan ook domsiekte. Dit is iets wat nie gebeur by die boer wat probeer om in sy ooie se voedingsbehoefte te voorsien nie.


Die twee belangrikste lamtye in die Republiek is September/Okttober en Maart/April. Die onderskeie krisistye is dus Augustus/September en Februarie/Maart. Dit is dus duidelik dat Augustus/September probleme kan verskaf. Gelukkig is die laktasie periode dan weer makliker, maar vir die dooie lam beteken dit nie veel nie.

Die hedendaagse neiging is om hoër produksie te bereik op elke terrein. Elke boer moet homself afvra of hy ten opsigte van lamproduksie reeds so 'n maksimum bereik het.

First Guard™ Super Boost Liquid

Reg. Nr. V27156 (Wet 36 van 1947)

- 5 verskillende energiebronne in **Super Boost**.
- Metaboliseer teen verskillende tempo's in die liggaam van die dier.
- Veroorsaak nie 'n tipiese super "Piek" nie, maar verskaf energie oor 'n langer, volgehoue tydperk.



SKEMATIESE VOORSTELLING VAN 5 ENERGIEBRONNE IN **Super Boost**



Super Boost Liquid bevat vitamienes, aminosure, spoorelemente, vetsure, nukleotiede, essensiële prebiotikas en energie. Reg. Nr. V27156 (Wet 36 van 1947). Registrasiehouer: Ashkan Consulting (Pty) Ltd, Reg Nr.:2006/020486/07, 62 Kyalami Blvd, Kyalami Business Park, Midrand, 1685, Tel: +27 (0) 11 466 8763.

™ is die handelsmerk van Ashkan Consulting. Versprei deur: Antrovét Animal Health (Pty) Ltd., Reg. Nr.: 2019/194324/07. Posbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel: +27 (0) 11 826 2988, www.antrovét.co.za Vind ons op Facebook



DOORNPOORT GENETICS

TOP GENETICS AUCTION

11:00 at Warmbad Veemark
Bela-Bela

**SAVE THE
DATE**
7 SEPTEMBER 2024



OFFER

25 Boer goat rams
150 Boer goat ewes

QUERIES

Kobus Lötter | 082 432 2393 | (Doornpoort Genetics)
Ilse Lombard | 072 078 4336 | (Doornpoort Genetics)



MARKETERS: Carel Chalmers 082 896 9586 • Johan Bester 082 838 8976
AUCTIONEER: Stefan Greyling 083 379 7297

Terms: 1. All buyers must register and provide a copy of ID and proof of residence. 2. Payment: By card / electronic transfer on day of sale - NO CASH WILL BE ACCEPTED AS PAYMENT FOR PURCHASES. 3. VAT is payable. 4. Vleissentraal's standard conditions of sale (Rules of Auction) apply - available at www.vleissentraal.co.za. 5. Consumer Protection Act - Act 68 of 2008, available at www.gov.za. 6. Seller reserves the right to withdraw any sale item before or during the sale without prior notice.



BOSVELD



BELA-BELA

LEVOXY 5,9%

Reg. No. G4148 Act 36/1947; Levamisole hydrochloride 2,5 % m/v; Oxydiazonide 3,4 % m/v



TRINEX PLUS 19,5%

Reg. No. G3814 Act 36/1947; [NSO] V14/18.1.8/1244 Act 13/2003; Levamisole 7,5 % m/v; Triclabendazole 12,0 % m/v



GET ON TOP OF

CONICAL FLUKE + LIVER FLUKE THIS SEASON!

Levoxy 5,9 % is a registered roundworm, liver fluke and conical fluke remedy for cattle and sheep

Trinex Plus 19,5 % is a registered roundworm, and liver fluke (all stages) remedy for cattle, sheep and goats

Registration Holder: Kyrón Animal Health (Pty) Ltd., Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. Tel: 0861 247 463.



BLEED MARGIN

Cutting edge **PLANTERS** for **small farms & plots**

www.eden-equip-online.co.za

info@eden-equip.co.za

(+27) 63 775 8684



- Cover crops
- Pastures
- Vegetables
- Maize

- Regenerative agriculture
- No-till
- High-density grazing
- Manufactured in SA



AD3E



Ensure your animals have optimal vitamin A levels this winter.



Available in 100 ml & 500 ml



Product Name: AD3E. Registration Number: G3796 Act 36/1947 (South Africa). Composition: Vitamin A 500 000 IU, Vitamin D₃ 75 000 IU, Vitamin E 50 IU. Registration holder: Kyrón Animal Health (Pty) Ltd, Co. Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. Export countries: Botswana – BV2100001/A [POM]; Namibia – V14/19.1/1241 [NSO].

dormer

NATIONALE VEILING 7 SEP 2024

BE HUMAN, MIDDELWATER PLAAS

BLOEMFONTEIN

MEERKAT
ONLINE AUCTIONS

BKB
The National Board of Agriculture
and Forestry Research & Extension



AANBOD: 60 RAMME | 130 OOIE



BKB: 079 500 7525 | 082 922 4616 | dormer@studbook.co.za

Dexter-beesras al hoe gewilder weens dubbeldoeligheid

Die rekords van die Departement van Landbou dui aan dat die eerste invoere van Dexter-beeste deur mev A.I. Conway van Firwoods, Paarl in die Kaapprovinsie gedoen is. Die bul, La Mancha Chief, vanuit die kudde van mnr. R.T. Robertson van Malahide, Co. Dublin, het in 1917 hier aangeland. Verdere invoere het plaasgevind in die jare 1921, 1936, 1938 en ook later jare. Die ras het sy oorsprong in Ierland gehad en daar word geskryf dat die ras reeds in die 16de eeu al bekend was. Dit maak dit waarskynlik dan een van die oudste beesrasse ter wêreld. Die eerste Dexter-beeste was veral gewild onder die Merinoskaapboere van die Karoo.

Volgens oorlewering het hulle dit hoofsaaklik gebruik om hanslammers groot te maak. (Soms het blykbaar tot soveel as vier tot ses lammers aan 'n Dexter-koei gedrink!) Die stigtingsvergadering is in 1953 te Colesberg gehou, waar die SA Dexter-Beestelersgenootskap van SA dan tot stand gekom het. Wanneer 'n mens boer, is dit wys om sover moontlik die volle waardeketting te benut. Die Dexter is die ideale dubbeldoelras. Die Dexter-koei produseer tien maal haar liggaamsmassa in melk per laktasieperiode en speen dan nog 'n kalf van 52% en meer van haar liggaamsmassa.

Die Dexter se vleisgehalte

In die RSA is baie min mense regtig bekend met die besondere gehalte van Dexter-vleis. In Australië en die Verenigde Koninkryk is daar egter restaurante wat dit pertinent adverteer. In die eerste plek is dit die ideale porsiegrootte-vleisdikte-kombinasie. As jy 'n porsie biefstuk bestel en dit is dun gesny, verloor 'n mens al die sappigheid van die vleis. Met 'n lekker Dexter-biefstuk gaan dit beslis nie gebeur nie. 'n Interessante kenmerk van die vleis is die donker

kleur daarvan. Vleiskenners weet dat 'n ligte kleur vleis 'n teken is van sagtheid en donkerder vleis weer 'n teken van smaak en geurigheid. Die donkerder vleis van selfs jong diere by Dexters kombineer dus hierdie voortreflikhede en ek kan jou waarborg dat as jy eenmaal Dexter-vleis geproe het, jy nie graag weer ander vleis sal wil eet nie. 'n Verdere kenmerk van Dexter-vleis is die goeie marmering van die vleis, wat 'n aanduiding is van die sagtheid. Marmering word egter meer prominent hoe ouer die diere is en is meer opmerklik – soos ook by ander rasse – by 18 maande oue en ouer diere. Die Dexter se oogspier, wat verband hou met vleis teenoor beenverhouding, is heelwat beter as dié van die meeste ander beesrasse en maak dat dit ook baie voordelig is om Dexters te slag.

Rasstandaarde vir die Dexter-klassifikasie

Die Dexter word geklassifiseer as dubbeldoel.

Kenmerke

Kop: Manlik – Goeie lengte met goeie breedte en sterk oogbanke. Vroulik – Rustige uitdrukking met

goeie lengte en breedte

Oë: Groot en helder, sonder om veel wit te vertoon

Ore: Van middelmatige grootte en wakker gedra

Neusspieël: Breed en sterk met groot oop neusgate

Kake: Skerp omlyn, breed en sterk

Tande: Groot en sterk met goeie sluiting teen die kussing van die bokaak

Nek: Manlik – Lank, diep en breed met goed ontwikkelde skof. Vroulik – Lank en nie so breed soos by die bul. Plooitjies is fyner as dié van bul.

Skouers: Manlik – Goed gespierd, goed aangeheg en beweeglik met 'n ronderigheid oor die kambene. Vroulik – Gladder, sonder swaar bespierung.

Borsstuk: Breed

Borsomvang: Manlik – Breed en diep. Vroulik – Breed, maar minder diep

Haasleër: Vol

Rug: Breed en reguit Lende: Breed en vol

Ribbe: Goed gesprong

Heupbene: Manlik – Breed, ietwat gerond bo. Heupbene minder prominent en nie so ver uitmekaar as by vroulike diere. Vroulik – Breed, ietwat gerond bo

Kruis: Lank, breed, effe dakkig met matige helling van voor na agter met wye draaibene

Agterkwart: Manlik – Lank, breed, goed gespierd. Breed in sitbene met die wydste punt in die dye. Moet die vorm van 'n perdehoef aanneem. Vroulik – Dieper sonder die swaar bespierung

Bene en kloue: Vierkantig geplaas. Goed gevormde kloue met goeie diepte agter. Breë, sterk, droë, skoon hakke op 'n plat beenstruktuur

Kleed: Vel en hare – Vel los en soepel met voldoende pigment, hare kort, dik, sag en glansend

Kleur: Swart, rooi en dun met bewys van DNA. Manlik – Beperkte wit alleenlik om skrotum. Vroulik – Wit op die uier en beperk tot agter die nawel op die onderlyn toelaatbaar.

Swart: Beperkte wit in die kwas toelaatbaar. Rooi & dun: Oorwegend wit in die kwas toelaatbaar. Pigmentasie op die neus, ooglede en geslagsdele vleeskleurig en die hoewe amber. Beperkte rokerige pigmentasie op die neus en hoewe wel toelaatbaar.

Uier en spene: 'n Goed gebalanseerde uier met vier funksionele kwarte. Goed na vore aangeheg, feitlik gelyk met die onderlyn. Vier spene van middelmatige lengte en dikte. Uier moet nie laer as die hakke gedra word nie. Hoër agteraanhegting word verkies.

Geslagsorgane: Manlik – Goed ontwikkel en normaal in alle opsigte. Die skrotum bevat twee eenvormige goed ontwikkelde testes, hang reguit, aan 'n relatiewe dun nek, weg van die die lyf en is bedek met sagte hare. Die skede pas netjies in by die onderlyn sonder om oormatig grof te vertoon. Vroulik – Goed ontwikkel en sonder uiterlike tekens van infantilisme of misvorming.

Algemene voorkoms: Manlik – Manlik en robuust. Voldoende bespierung op voorarm, rug, lende en dye met 'n sterk gedefinieerde manlike skof. Beenstruktuur is relatief fyn maar sterk, met 'n goed ontwikkelde voorkwart en borsdiepte in verhouding tot lengte van lyf. Vroulik – Fyner in alle opsigte as die bul. 'n Goeie, gebalanseerde raamwerk met wigvormigheid van heup na skouers asook van die kant gesien, met die agterkwart wat dieper vertoon as die borsstuk. Gedurende laktasie is oortollige vetbedekking uiters ongewens. Oormatige vetverspreiding langs die stertwortel, op die borsstuk en in die broek en flank is ongewens.

Hoogte: Manlik – Ideaal van 120 cm gemeet net voor die kruis. Vroulik – Ideaal van 112 cm gemeet net voor die kruis.

Ongewenste eienskappe

- Neigings na te groot of te klein
- Duiftonigheid
- Oormatige wit in kwas of onderlyn
- Oormatige vetneerlegging op vroulike diere
- Hakke wat afwykings toon
- Klein hang-uiers met oorgrootte spene
- Gedraaide skrotum
- Hol of geboë rug
- Te growwe koeie of te fyn bulle
- Bobbejaanstert by vroulike diere

Diskwalifikasies

'n Diskwalifikasie is 'n afwyking wat 'n dier ongeskik maak vir stoetteling:

- Enige van bogemelde ongewenste eienskappe indien dit in 'n ekstreme graad voorkom
- Regop-hakkigheid
- Infantiele of misvormde geslagsorgane
- Enige tekens van sub-fertiliteit
- Kleurmengsels
- Skewe stert
- Lang onderkaak
- Kort onderkaak
- Skewe gesig
- Duiwelsgreep
- Swak temperament
- Te klein testis
- Bobbejaanstert by manlike diere

Volgens dr. Neil van Zyl van In Vitro Africa is ovumkolleksies in 2017 vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis op die Dexter-ras gedoen. Embrio's is suksesvol in die laboratorium gekweek en is in Desember 2017 in ontvangerkoeie oorgeplaas. Die eerste Vitro Dexter-kalwers is in 2018 gedoen. Genetika uit Minimoo- en Floramanzi-lyne is vir hierdie proses deur Minimoo Dexters beskikbaar gestel, 'n Dexter-stoet geleë naby Howick in die Middellande van Kwazulu-Natal.

Die in vitro-embrioproduksie (IVEP)-proses bestaan uit drie fasette:

1. Ovumkolleksie (OPU)
2. Produksie van embrio's in die laboratorium (IVEP) en die
3. Oorplaas van die embrio's

Ovumkolleksie (OPU) word gedoen deur oösiëte (eierselle) direk vanaf die eierstokke te "oes". 'n Lang dun naald word onder ultraklankgeleiding deur die vaginale wand gevoer en die follikels (waarin die oösiëte voor ovulasie is) op die buiterand van die eierstokke word onder vakuum uitgesuig. Die oösiëte word dan uitgesoek, geselekteer en dadelik in 'n vervoerbare inkubator in 'n spesiale rypwordingsmedium geplaas om die laboratorium binne 20 ure te bereik.

Produksie van embrio's in die laboratorium

Hierdie proses vind plaas in inkubators

(broeikaste) wat die baarmoeder "namaak" en word in vyf stappe verdeel:

- Maturasie (rypmaak) van die oösiëte
- Bevrugting van die oösiëte
- Kweking van die embrio's
- Voeding van die embrio's
- Evaluasie van die embrio's

Oorplaas van die embrio's

Oorplasing van die embrio's geskied agt dae ná ovumkolleksie of sewe dae ná bevrugting van die oösiëte. Op die dag van oorplasing word die embrio's finaal geëvalueer. Dit word dan in 'n spesiale medium geplaas en met 'n vervoerbare inkubator na die plek van oorplasing vervoer. Ná evaluasie van die ontvangerdier word die embrio's in die baarmoeder geplaas. Die proses is presies dieselfde as met konvensionele (IVD)-embrio-oorplasings. Voor oorplasing word die ontvangerdier deur 'n embrioveerts ondersoek om te bepaal of sy geskik is om 'n embrio te ontvang. Die oorplaas van embrio's behels die laai van 'n embrio in 'n ¼ ml strooitjie wat in 'n embriopistolet geplaas word. Die embrio word onder 'n mikroskoop noukeurig opgesuig met behulp van 'n 1 ml spuitjie. Die oorplasing word versigtig gedoen onder die invloed van 'n epidurale verdoving. Die vaginale area word skoongemaak en deur 'n assistent oopgemaak sodat die veerts die pistolet tot by die serviks kan voer. Die pistolet word versigtig deur die serviks gemanipuleer en die embrio word in die voorste derde van die baarmoederhoring gedeponeer. Dit is belangrik om nie die binnewand van die baarmoeder te beskadig nie, aangesien dit die kans op 'n suksesvolle dragtigheid drasties sal beïnvloed. Embrio's by In Vitro Africa Embrios wat suksesvol gekweek is, word dan in draerdere oorgeplaas of gevries (gevitrifiseer). Die tegniek van bevriesing wat gebruik word met IVP-embrio's (In Vitro geproduseerde embrio's) verskil van die IVD (konvensionele embrio's) deurdat dit gevitrifiseer word. Vitrifikasie is 'n baie vinnige bevriesingstegniek. Die embrio's word vir 80 sekondes aan die bevriesingsmiddel blootgestel en dan direk in vloeibare stikstof gedompel. Spesiale mediums is dan nodig om die embrio's weer te ontdooi.

Die geskiedenis van IVEP

Die proses van in vitro-embrioproduksie het in die laat 1980's al begin, maar was hoofsaaklik gefokus op navorsing. Met die groei en ontwikkeling het dit daartoe gelei dat meestal "probleemkoeie" in IVEP-programme gebruik is. Die tegniek is eers in die laat 1990's as kommersiële metode gebruik om embrio's van top-teeldiere te produseer en het sedertdien meer populêr geword. Vandag is Brasilië die grootste in vitro-embrio-produseerder ter wêreld en dit verteenwoordig 95% van al die embrio's wat geproduseer word in daardie land. Wêreldwyd is 546 628 IVP-embrio's in die jaar 2013 geproduseer. Die produksie van IVP-embrio's het van 2013 met 16,7% toegeneem en vir die eerste keer is meer as 500 000 embrio's geproduseer waarvan meer as 400 000 oorgeplaas is. Suid-Amerika het 72,7% (376 459 embrio's) van alle IVP-embrio's in 2013 geproduseer, Noord-Amerika 21,7% (112 300 embrio's), Europa 2,65% (13 722) en Suid-Afrika 0,97% (5 012 embrio's). In Europa en Noord-Amerika neem dit tans stelselmatig toe en begin dit in die Oosterse lande ook posvat.

Voordele van IVEP

- Beter benutting van genetiese potensiaal van topteeldiere – nuwe kuddes kan opgebou word uit die beste teeldiere sonder om die tussenkalfperiode van die ontvangerkudde of skenkerkoeie te versteur;



- Geen hormoonbehandeling word toegepas nie;
- Skenkerkoeie ondergaan nie bouvormveranderinge, soos oorontwikkelde skof en prominente stertwortel nie;
- Versameling van oösiete kan reeds een maand ná oorplasing van Dexter-embrio's geskied;
- Oösiete kan versamel word tot op 3,5 maande dragtigheids stadium van die skenker sonder om die fetus te beïnvloed;
- Meer kalfies kan verkry word in 'n koei se leeftyd;
- Ouer koeie met bewese rekords kan as skenkers gebruik word;
- Koste van die bulsaad wat gebruik word, is baie laag – so min as een strooitjie kan vir die bevrugting van ses tot agt koeie se oösiete (tot 200 oösiete) gebruik word;
- Koste-effektief.

Fasiliteite benodig

Omdat die oösiete baie sensitief is vir omgewingsfaktore, is dit nodig om in geskikte fasiliteite te werk. 'n Klein vertrek naby die drukgang kan ingerig word om as 'n laboratorium te dien waar die uitsoek, seleksie en verwerking van die oösiete gedoen kan word. Die vertrek moet verder aan die volgende vereistes voldoen:

- Dit moet stofdig en vry wees van chemiese en ander skadelike dampe;
- Die temperatuur moet beheer kan word;
- 'n Geskikte werksoppervlak hê wat gesteriliseer kan word;
- Dit moet lopende warm en koue water hê;
- Daar moet krag wees;
- Goeie beeshanteringsfasiliteite is ook noodsaaklik. Die OPU-tegniek is baie delikaat en enige onnodige beweging tydens die versameling van die oösiete kan die resultate beïnvloed. Die drukgang waar die OPU uitgevoer word, moet daarom verkieslik aan die volgende vereistes voldoen:
 - Dit moet stewig wees met 'n behoorlike nek- en lyfklamp;
 - Dit moet beskut wees teen wind, son en reën – verkieslik binnenshuis;
 - Daar moet deurgange of hekke agter die skenkerdiere wees vir mense om aan beide kante te kan werk.

Algemene vrae en knelpunte

Algemene vrae wat gevra word en knelpunte wat die ekonomiese haalbaarheid van die IVEP beïnvloed, word hieronder bespreek:

- a. Hoeveel embryo's kan verkry word? Die Dexter-koeie is 'n relatief goeie produseerder van oösiëte. Gemiddeld kan 15 tot 20 oösiëte van een OPU verkry word. Indien 30% van die oösiëte tot volwasse embryo's in die laboratorium ontwikkel, beteken dit dat vier tot ses embryo's elke twee weke van elke koeie verkry kan word. In die geval van jong verse en ouer koeie kan minder embryo's verwag word.
- b. Hoe word die skenker voorberei? Geen eksterne hormone word tydens die voorbereiding vir OPU gebruik nie. Skenkings kan enige tyd tussen vyf weke ná kalwing en 3,5 maande dragtigheid aangebied word vir OPU. Die OPU-tegniek is baie veilig en kan elke twee weke toegepas word sonder nadelige effekte op die nieldragtige of dragtige skenker. Die skenkerdiere moet vroegtydig op 'n gebalanseerde rantsoen geplaas word – die gehalte van die oösiëte word reeds 90 dae voor kolleksie bepaal. Die skenkings kan dan elke tweede week aangebied word vir oösiëteversameling.
- c. Wat is die verwagte dragtigheidspersentasie? Die gemiddelde dragtigheidspersentasie (wat oor 'n 12-maande-tydperk gemeet is, is 51%. Gevalle het voorgekom waar die konsepsie so laag as 30% was terwyl die beste konsepsiesyfer van meer as 80% aangeteken is.
- d. Wat is die verwagte dragtigheidspersentasie met gevitrifiseerde embryo. Aanvanklik was dit die algemene persepsie dat die konsepsie met gevitrifiseerde IVEP embryo's baie laag is, maar die teendeel is intussen in Suid-Afrika bewys waar konsepsiesyfers van 45% tot soveel as 60% gereeld verkry word. Die grootste enkele faktor wat hierdie syfer beïnvloed, is die ontvangerdiere. Dit bring ons by die volgende vraag:
- e. Hoe belangrik is die ontvangerdiere en volgens watter kriteria moet hulle geselekteer word? Die keuse en voorbereiding van die ontvangers is waarskynlik die faktor wat die grootste invloed op die sukses van die IVEP-proses het. Die ras, ouderdom, reproduksiestatus, temperament, fisiologiese toestand (kondisietelling), voedingstatus en seisoen moet alles in ag geneem word wanneer 'n in vitro-program beplan word. Die ontvangerkoste

is op die langtermyn die duurste item in die embrioprogram.

Algemene aanbevelings is die volgende:

- Beplan IVEP-programme volgens die normale dekseisoen van die ontvangerkudde en laat genoeg tyd toe om die oorplasing op te volg met 'n periode van natuurlike dekking. Sodoende kan die ontvanger binne die bepaalde dekseisoen dragtig raak en is daar nie 'n verlies aan 'n kommersiële kalf nie;
 - Gebruik waar moontlik koeie wat reeds twee of meer kalwers gehad het;
 - Ten tye van die oorplasing moet die ontvangerkoeie ten minste 80 dae ná die vorige kalwing wees;
 - Vermy koeie wat na die dekseisoen oorgeslaan het;
 - Ontvangerkoeie moet verkieslik in 'n stygende voedingsfase wees;
 - Alle doserings en entings moet drie weke voor die aanvang van die program afgehandel word;
 - Ontvangerkoeie moet gewoon wees aan hantering en die hanteringsgeriewe wat gebruik gaan word.
- f. Hoe verskil die gebruik van semen in IVEP-programme van dié van gewone spoelings? In die geval van IVEP is dit nodig om eers die bevrugtingsvermoë van semen te toets deur oösiëte by die slagpale te kollekteer en dit dan te bevrug. Die aantal embryo's wat in hierdie toets tot volwassenheid ontwikkel, word dan as 'n persentasie bereken van die aantal oösiëte wat gekweek is. Daar is nie 'n duidelike korrelasie tussen saadkwaliteit (% lewendig, motiliteit en morfologie wat normaalweg beoordeel word) en die vermoë om oösiëte te bevrug nie. Die gewone toets wat op semenmonsters gedoen word, is dus nie voldoende om die geskikte strooitjie semen te kies nie. Daar bestaan selfs variasies tussen verskillende kolleksies ("batches") van dieselfde bul. Indien ongetoetsde semen gebruik word, lei dit dikwels tot teleurstellings en 'n verlies aan inkomste vir al die partye betrokke. Slegs een strooitjie semen is voldoende om tot 200 oösiëte of die oösiëte van ses koeie te bevrug in vergelyking met ses strooitjies semen per koeie in die geval van konvensionele spoelings. Die semenkoste in die geval van IVEP is dus 2,7% van dié van embryo'spoelings.

Bron: Die Pad Saam: Uitgawe 71

YOUR PERSONALLY INVITED TO

HATARI

Platinum

PRODUCTION AUCTION



ON AUCTION

40 SP RAMS

40 SP EWES

300 COM. EWES

SEPTEMBER 21ST 2024



LOCATION: BE-HUMAN BLOEMFONTEIN

STEYN STEENEKAMP 082 438 8991 • TJAART STEENEKAMP 072 313 2232

MARIUS EKSTEEN 082 561 2917 • JOVAAN CLOETE 079 575 0795

Where Fertility Matters

GENELINK
BRANGUS
14^{DE} PRODUKSIEVEILING



19 September 2024 om 11:00



MIDDELWATER, BE HUMAN - BLOEMFONTEIN

Aanwysings: Be Human Middelwater plaas is geleë op die R30 Brandfontpad net vanaf die N1 (gps koördinate, -28.914278, 26.326005), + 30km buite Bloemfontein in 'n Noordelike rigting.

25 SP - bulle & 80 vroulike diere

(Bulle 2½- 3 jaar oud / Vroulike aanbod sluit in stoet sowel as kommersieël)



BLOEMFONTEIN



NAVRAE: Danie Pienaar 082 893 6721 / Helgard Truter 082 459 6927
Allan Sinclair 082 528 0059

f Vleissentraal Bloemfontein **globe** www.vleissentraal.co.za



BURGER & I'ONS BONSMARAVEILING
27 SEPTEMBER 2024 – 11:00
NKLH VEILINGSKRALE TE KIMBERLEY



BONSMARA SA

AANBOD:
20 Bulle
(2 – 3 jr)

200 kommersiële
Bonsmara
vroulike
diere.

(in alle produksiestadiums)

200 Bul/Os
speenkalwers

Merk hierdie datum!!!



Afslalers • Auctioneers
STOET & KOMMERSIEEL STUD & COMMERCIAL

NAVRAE
(Eienaars) Dr. Terence I'Ons: 082 374 6771
Cobus Burger: 082 807 7635
(Agente) Dirk Beukes: 082 375 1849;
IG Zwiegers: 082 821 5797
(Afslaer) Johan van der Nest: 082 574 4220



CHRISTINE VOSLOO FOTOGRAFIE




WESTERN CAPE
CVOSLOO4@GMAIL.COM
060-967-2041



Graphic Design services

**FROM PRINT DESIGN TO LOGO DESIGN AND
EVERYTHING INBETWEEN.**



- Brochures
- Reports
- Magazines
- Adverts (print and social media)
- Word and PPT formatting and template design
- Invitations

- Logos
- Corporate branding
- Signage
- Posters
- Letterheads • Business cards • Flyers
- Transcribing (audio to text)

For more information please contact:

082 784 1838
cpietersen001@gmail.com

Nuwe rekordprys van miljoene rande vir boran-bul betaal

Hy wil die grootste en beste boran-beesstoet in Afrika hê, sê 'n Zimbabwiese boer wat Saterdag R8 miljoen vir 'n bul betaal het op 'n veiling in Mpumalanga. Dié bedrag is 'n nuwe rekordprys vir alle rasse.

Collins Tafireyi, die boer, het dié bul waarna verwys word as “waarskynlik die beste bul wat nog ooit deur 'n boran-teler geteel is”, gekoop. Hy sê dié bul, genaamd Cyclone, het ses maande gelede sy oog gevang. Tóe al wou hy hom koop, maar die bul was nog nie te koop nie, sê hy in 'n onderhoud op FarmSpace se [Facebook-blad](#).

Toe hy die bul vroeër gesien het, het hy geweet hy wil die bul hê. Die oomblik toe Cyclone te koop aangebied is, het hy nie twee keer gedink nie. “Dit gaan nie oor die prys nie. Dit gaan daarvoor om te kry wat ek wil hê,” sê hy. Die veiling is aangebied by The Bull Ring Auction House op Davel.

Tafireyi is van die Sinyo Boran Stud in Zimbabwe. Hy sê hulle is opgewonde dat hulle dié bul bekom het. “Cyclone gaan 'n groot rol speel in ons toekomsplanne, wat teelkwaliteit betref.”

Hy sê as nuwe rolspelers in die bedryf wil hulle Zimbabwe transformeer en om dít te doen moet hulle die beste beeste aankoop.

Collins Tafireyi, Zimbabwiese boer wat die bul gekoop het. (Skermgreep: FarmSpace)

Op die veiling het die afslaer Cyclone se genetika as “absoluut voortreflik” beskryf. “Balans, manlikheid, lengte, bou... Dit is die kombinasie

van fenotipe en genotipe in een pakkie,” het die afslaer gesê.

Die sesjarige bul is van Hurwitz Boerdery van Hurwitz in Mpumalanga afkomstig en is deur die broers Simeon en Jarren Hurwitz geteel en verkoop.

Cyclone se pa, Picasso, was 'n bekende stoetbul in die boran-bedryf. Hy is in 2022 deur weerlig doodgeslaan. Altesaam 12 strooitjies van Picasso se semen is verlede jaar verkoop vir R88 000 elk. Cyclone se ma, Cremora, het bygedra tot die produksie van drie uitsonderlike bulle.

Simeon het aan Farmer's Weekly gesê die veiling was 'n daverende sukses wat al hulle verwagtinge oortref het. “Die kopers wat hier was, het hul waardering getoon vir wat aangebied is.”

Bron: <https://maroelamedia.co.za/landbou/nuwe-rekordprys-van-miljoene-rande-vir-boran-bul-betaal/>



Collins Tafireyi, Zimbabwiese boer wat die bul gekoop het. (Skermgreep: FarmSpace)

21 ste OOSTELIKE ILE DE FRANCE KLUB

SATERDAG | 21 SEP 2024 | 11:00

HOËVELD VEILING SENTRUM

STANDERTON

35 Ramme

65 Geregistreerde ooie

120 Kommersiële ooie

Veiling

Onthou
die datum



REGISTREER VOORAF
OM TELEFONIES TE BIE:
Erik Heymans 083 264 5177
Tiaan Heineman 082 887 5614

BKB

The Central Union of Agricultural
Producers in the Republic of South Africa

AFSLAERS:
BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101339
REG NR.: 1998/012425/06

NAVRAE:
ERIK HEYMANS 083 264 5177 (BKB)
HARRY MEYER 080 621 4135 (OOSTELIKE IDF KLUB)
REDINA HARMSE 072 270 3461 (OOSTELIKE IDF KLUB)
AFSLAER: IAN MOSTERT 083 308 8408
OKB, STANDERTON: 017 712 2664/2132



40 JAAR VIERING





21 SEPTEMBER 2024 @ 11:00
Thaba Tholo, Thabazimbi

CONTACT: JP SMITH 082 417 8826

ON AUCTION

Full brother of 61 ⅞" Armstrong

Buzz

56 ⅞"
@ 7y 1m



61 ⅞" Armstrong

FOR ANIMAL USE ONLY.

COMBI-DOSE 4

Reg. No. G4394 (Act 36 of 1947)

ORAL DRENCH



28 days
residual effect
against
wireworm

ANTIPARASITICS:

Praziquantel
Levamisole
Closantel
Ivermectin

PARASITES:

Wireworm
Roundworms
Tapeworm
Conical fluke
Liver fluke

COBALT SUPPLEMENT:

Reproduction
Vit B and red blood cells
Lamb-growth

SELENIUM SUPPLEMENT:

Antioxidant
Immunity
Reproduction



Combi-dose 4: Active ingredients: Praziquantel 2,50 % m/v, Levamisole 4,00 % m/v, Closantel 3,75 % m/v, Ivermectin 0,10 % m/v. Reg. No.: G4394 (Act 36 of 1947).
Registration holder: Antrovét SA (Pty) Ltd. Co. Reg. No.: 2010/001184/07. Posbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel: +27 (0) 11 826 2988. www.antrovét.co.za Find us on Facebook
Reference: McDowell, L.R and Arthington, J.D. 2005. Minerals for Grazing Ruminants in Tropical Regions, 5th Ed. 86pp. University of Florida, Gainesville,

+ ① Macrocylic lactone ② Imidothiazole ③ Salicylanilide ④ Isoquinoline

ADVERTEER BY ONS!

Gratis Digitale Tydskrif
vanaf 2017

Bereik maandeliks meer as 127 000 lesers

WAAROM BY ONS ADVERTEER

- Ons boere boer met hul slim toestelle byderhand.
- Hulle neem aktief deel aan al ons digitale platforms.
- Ons drie e-tydskrifte en video's beland direk op hul selfone.

ONS UITGEBREIDE REIKWYDTE NA DIE REGTE MARK

78,000+

volgeling op sosiale media

- BH Volgeling 36,5k
- FH Volgeling 8.9k
- BHV Volgeling 9,4k
- BHG Volgeling 18,2k
- FH Instagram 2,2k
- BH Instagram 2,8k

15,000+



Whatsapp database


34,000+

tydskrif epos database



Kontak ons:    

 (0) 73 895 6392 |  (0) 71 704 6282

 info@boerhier.co.za

www.boerhier.co.za

Het jy geweet?

Kleinvee: Feite en Geite



1. Kleinvee is “kort dag” telers: ooie kom die beste op hitte soos dae korter raak.(Jan – Jun.)
2. Ooie kom elke 17 dae op hitte: in trop van 100 ooie sal tussen 5 – 7 ooie daaglik op hitte kom.
3. Ooi is vir ongeveer 36 uur op hitte: verskeie ramme kan /sal die ooi dek.
4. Dit is slegs gedurende die 36 uur elke 17 dae wat n ooi bevrug kan word.
5. Ooie skei meestal 1, maar soms 2 eiselle af wat bevrug kan word. (Boerbokke skei tot 4 eiselle af.)
6. Ooilammers word gebore met al die eiselle wat sy in haar lewe gaan afskei.
7. Bevrugte eisel heg eers teen dag 11 na bevrugting aan baarmoederwand.
8. Ooie is gemiddeld 150 dae dragtig. (Varieer tussen 148 – 152 dae)
9. Ooie kan nie binne 45 dae na sy gelam het weer ram vat nie, baarmoeder moet eers herstel.
10. Goeie voeding tydens die laaste 4 weke voor lam verbeter biesmelk kwaliteit en melkproduksie.
11. Die voer van mielies tydens laat dragtigheid maak biesmelk taai en minder vloeibaar.
12. Lammers wat binne 3 ure na geboorte biesmelk drink het die beste kans op oorlewing.
13. Hoe gouer n lam begin suip, hoe beter die band tussen ooi en lam.
14. Melkproduksie piek op ongeveer 3 weke na lam waarna dit geleidelik afneem.
15. Ooie is 3 maande na lam opgedroog.
16. Lammers begin vanaf 2 weke ouderdom ruvoer “vreet” wat ontwikkeling van rumen stimuleer.
17. Pasgebore “geel lammers” dui op moeilike geboorte a.g.v wanvoeding tydens mid-dragtigheid.
18. Goeie voeding tydens die eerste 2 maande van lam se lewe het groot positiewe invloed op haar toekomstige vrugbaarheid – selekteer vervangingsooitjies wat vroeg in die groen seisoen gebore is.
19. Jong ooie wat die eerste keer gepaar word moet 80% van volwasse ooi massa weeg.
20. Ooie se vrugbaarheid en melkproduksie daal drasties vanaf sewejarige ouderdom.
21. Ramlammers wat goed groei kan reeds vanaf 100 dae ouderdom ooie suksesvol dek.
22. Saadproduksie is n deurlopende proses, maar semen is eers na 2 maande ryp en reg vir bevrugting.
23. Voeding het groot invloed op testisomtrek en groot teelballe is direk gekorreleer met beter saadproduksie.
24. Onder normale omstandighede wei herkouers ongeveer 8 ure, herkou 8 ure en rus 8 ure per dag.

Veiling Resultate

4de Jakaranda

Ile de France & Suffolk Veiling

AANGEBIED DEUR HAGELAND ILE DE FRANCE
IN SAMEWERKING MET JANCOR ILE DE FRANCE & VREDESIG SUFFOLK FORBES

17 AUGUSTUS 2024

SATERDAG | 11H00



ITEMNAME	TURNVR	QTY	MAX_AMT	AVG_AMT	MIN_AMT
ILE DE FRANCE OOI STOET	58.000.00	5	16,000.00	11,600.00	10,000.00
ILE DE FRANCE OOI KUDDE	131.500.00	26	9,000.00	5,057.69	3,250.00
ILE DE FRANCE RAM STOET	358.500.00	18	35,000.00	19,916.67	10,000.00
ILE DE FRANCE OOI STOET DRAGTIG	402.250.00	30	24,000.00	13,408.33	9,750.00
ILE DE FRANCE OOI KUDDE DRAGTIG	214.550.00	49	5,250.00	4,378.57	3,250.00
ILE DE FRANS OOI STOET +LAM	395.500.00	33	19,000.00	11,984.85	7,000.00
SUFFOLK OOI STOET	98.000.00	8	20,000.00	12,250.00	9,000.00
SUFFOLK OOI KUDDE	69.500.00	20	4,000.00	3,475.00	3,250.00
SUFFOLK RAM STOET	61.000.00	4	20,000.00	15,250.00	11,000.00
SUFFOLK RAM KUDDE	33.500.00	5	7,000.00	6,700.00	6,500.00
OMSET	1.822.300.00	198	100%		
VLOER	1.615.800.00	87%			
AANLYN	206.500.00	13%			
REGISTRASIES	61				
VLOER	38				
AANLYN	23				

CdP AUCTIONEERING
SERVICES
MARKETING | ADMIN | ONLINE

Corné du Plessis: +27 (0)76 101 9996
Mark Gletzmann: +27 (0)82 557 9978
Filip de Bruyn: +27 (0)83 278 7784
Corné Els: +27 (0)66 299 9618
Johnny Forbes: +27 (0)82 544 2336
Marliese: +27 (0)65 716 4689
PW van Heerden: +27 (0) 83 627 4133
www.cdpauctioneers.co.za | cdp@cdpauctioneers.co.za



ONLINE AUCTION REGISTRATION:
<https://bid.cdpauctioneers.co.za/auctions/info/id/87/JAKARANDA-ILE-DE-FRANCE-VEILING>
ONLINE CONDITIONS: 1) FICA DOCUMENTS AT REGISTRATION 2) 1% ONLINE AUCTION COMMISSION payable
FOR MORE INFORMATION: WWW.CDPAUCTIONEERS.CO.ZA

Veiling Resultate

STATISTIEK

OTTERSHAW BEEFMASTERS
OTTERSHAW, WESTMINSTER
WOENSDAG, 14 AUGUSTUS 2024

DIER GROEP	VERKOOP	GEMIDDELD	HOOGSTE
SP BULLE	22	R65 455.00	R100 000.00
KOMMERSIËLE DRAGTIGE KOEIE	8	R15 500.00	R17 000.00
KOMMERSIËLE DRAGTIGE VERSE	5	R13 600.00	R14 000.00
KOMMERSIËLE OOP VERSE	16	R8 516.00	R8 750.00

HOOGSTE PRYSE

DIER GROEP	BEDRAG	KOPER/S
SP BULLE	R100 000.00	• LETHOLA FARMS (PTY) LTD - MARQUARD
KOMMERSIËLE DRAGTIGE KOEIE	R17 000.00	• BULHOEK BOERDERY – PETRUS STEYN
KOMMERSIËLE DRAGTIGE VERSE	R14 000.00	• BG NEWTON FARMING – TWESPRUIT
KOMMERSIËLE OOP VERSE	R8 750.00	• EJJ CRONJE - WINBURG

VEILING AANGEBIED DEUR VLEISSENTRAAL BLOEMFONTEIN:

OMSET – R1 768 250

AFSLAER: BRANDON LEER



BLOEMFONTEIN

Resep

Volstruis nek potjie (Volstruis Oxtail).

Bestanddele

- +/- 1 kg volstruisnek in stukke van so 6-8 cm lank gesaag
- 1 teelepel Hoender speserye
- 1 teelepel sout
- 1/2 teelepel Fyn Kaneel
- 2 eetlepels Heuning
- 1 ui
- 1/2 teelepel growwe swart peper
- 100 gram gesnyde bees Brisket vet
- 100 ml Vars room

Metode

Kook in die drukpot totdat die nek lekker sag is, Gooi nou die sous eers af, en potbraai saam met die stukgies vet totdat dit lekker bruin is.


Gooi nou die room in die sous, en roer deur, en gooi weer die vleis terug in die sous en laat net vir nog 5 minute stadig prut..

Geniet saam met opgekookte groenboontjies, wat in Botter gebraai is, en n lekker Tamatie, uie, en Kaas slaai.

Bron: <https://images.app.goo.gl/yDvTh2RyhpceWzdPAh=920&hl=en-ZA&source=sh/x/im/m1/4&kgs=c692cbd51e625f16&shem=abme.trie>




Wat sê die Markte




Bees

A2/3 = R 55.23
 B2/3 = R 46.85
 C2/3 = R 43.55
 SPEENKALF = R 31.95



Skaap

A2/3 = R 90.15
 B2/3 = R 66.70
 C2/3 = R 65.20
 STOORLAM = R 40.21



Bokke

Ooie = R 46.64
 Kids <30kg = R 65.61
 Kids 30-40kg = R49.72
 Kids > 40kg = R 40.51



Pluimvee

Bevore = R 34.79
 Vars = R 33.50
 IQF = R 29.58




Vark

Porkers = R 31.87
 Baconers = R 31.32



Safex

Mielies = R 5374 /t
 Sojabone = R 8405 /t
 Sonneblom = R 8960 /t
 Koring = R 6288 /t



Geld Eenhede

R / \$ = R 17.71
 R / £ = R 23.41
 R / € = R 19.82

Soos by 24 Augustus 2024
www.amtrends.co.za

Vorige Uitgawes

BOERhier
'n Boer is gebies deur God

GRATIS
Uitgawe 36
25 Julie 2024
www.boerhier.co.za

WHERE GENETICS EVOLVE

Wie is Progen?

BOSER

BOERhier
'n Boer is gebies deur God

GRATIS
Uitgawe 35
25 Junie 2024
www.boerhier.co.za

Die oplossing vir jou veegesondheid

BYSON

BOERhier
'n Boer is gebies deur God

GRATIS
Uitgawe 34
25 Mei 2024
www.boerhier.co.za

Damlinings: spaar krag, spaar die toekoms

DAMLININGS

BOERhier
'n Boer is gebies deur God

GRATIS
Uitgawe 33
25 April 2024
www.boerhier.co.za

PENTA
genetics

- Uitstekende BLOEDLYNE
- TOP Genetika

5 Telers EEN Veiling

4de Penta Genetics Veiling

TASK

BOERhier
'n Boer is gebies deur God

GRATIS
Uitgawe 32
25 Maart 2024
www.boerhier.co.za

Nooitgedacht en Kasteel se Hertsvelling

NOOITGEDACHT

BOERhier
'n Boer is gebies deur God

GRATIS
Uitgawe 31
25 Februarie 2024
www.boerhier.co.za

Die Tuli Beeste Storie

TULI

Kliek hier





BOERhier


'n Boer is gekies deur God

Jesaja 40:31

'maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.'

- Wanneer ons afhanklik van God lewe versterk Hy ons.
- Die Here wil hê ons moet opstaan, loop en hardloop sonder om te val.
- Wanneer Sy krag deur ons vloei is dit in die lewe 'n werklike moontlikheid.
- Ons moet op Hom wag, op Hom vertrou en nie dinge in ons eie krag doen nie.

Gebed: Vader, dank U dat terwyl ek wag, vertrou en op U reken, U krag 'n lewende werklikheid in my lewe kan word. Dit is hierdie krag wat my in staat stel om soos 'n arend te vlieg, te hardloop sonder om moeg te word en te loop sonder om flou te word. Amen.



Dankie dat jy lekker saamgelees het! Stuur hierdie e-tydskrif aan na jou kontakte toe sodat hulle ook deel kan wees van ons familie!

www.boerhier.co.za

Foto: [Christine Vosloo Fotografi](#)